Van die sewe sterfgevalle wat aangemeld is, is een deur 'n amoebiese abses van die lewer met bykomende tifoïde-infeksie veroorsaak. Daar was geen uitbreking wat deur melk veroorsaak is nie.

By die nasporing van die bronne van infeksie, is ses verdagte gevalle getoets om 'n moontlike vroeër draertoestand vas te stel. Die verslag oor die bloedmonsters van drie was Vi-positief. Tifoïde-bacilli het egter nie in herhaalde stoelgang- en urinekulture gekweek nie.

Toetse wat in verband met die Tifoïde-draertoestand uitgevoer is:

	Getal persone getoets vir Vi	Bloed Vi- positief bevind	Ontlasting en urine positief bevind
Tifoïdetoetsing	6 (16)	3 (2)	_ (_)
Voornemende melkerywerkers	86 (69)	8 (10)	<u> </u>
Ander voedselhanteerders	17 (60)	7 (4)	— (—)

Tifoïde-draerkamp:

Nieblanke melkerywerkers, werknemers by die munisipale waterwerke en ander Nieblanke werknemers wat met voedsel werk en persone wat met 'n geval van tifoïde in aanraking was, word gereeld deur die Gesondheidsafdeling ondersoek. Manlike gevalle wat Vi-positief is, word onmiddellik deur die Raad in diens geneem en in die tifoïdedraerkamp gehuisves, wat uit ses hutte met die nodige kook- en wasgeriewe bestaan. Hier word hulle ontlasting en urine gereeld ondersoek en hulle word onder beheer gehou.

Getal inwoners in die tifoïde-draerkamp op 1.1.1963	8 3
Getal gedurende die jaar ontslaan	11 9
	2.
	=

Nuwe behandeling vir Tifoïde-draers.

Sedert onderskeidelik 1956 en 1959 het die Gesondheidsafdeling twee baie konsekwente

tifoïde- (fekale-) draers in sy diens en onder observasie.

Van tyd tot tyd was dit, weens hulle onbevredigende werk, uiters moeilik om hulle in ons diens en onder observasie te hou, maar daar is gemeen dat hulle ten alle koste onder beheer gehou moet word.

Gedurende Maart 1963 is daar besluit om albei draers Ampicillinbehandeling te gee. Hier volg besonderhede van die twee draers en die behandeling wat voorgeskryf is:

Geval no. 1.—P.M., 'n Bantoeman, 25 jaar oud, is in November 1959 as 'n fekale draer gediagnoseer. Sedert daardie datum is sy ontlasting en urine maandeliks ondersoek. Sy ontlasting het konsekwent, behalwe op twee geleenthede, die teenwoordigheid van Salmonella

typhosa aangetoon. Hierdie organismes was nooit in sy urine aanwesig nie.

Op 25 Maart 1963 is hy in die Afsonderingshospitaal in Pretoria opgeneem en 750 mg. Ampicillin is elke 6 uur vir 10 dae lank toegedien. Ses ontlasting- en urine-ondersoeke is met tussenpose van 3–5 dae na die behandeling gedoen, en almal was negatief. Die pasiënt is op 10 Mei 1963 uit die hospitaal ontslaan. Sedert sy ontslag, is sy ontlasting en urine weekliks ondersoek en die resultate was deurgaans negatief. Sy Vi-toets, wat ongeveer een keer per

maand plaasgevind het, was eers positief, maar die laaste vier monsters was negatief.

Geval no 2.—D.M., 'n Bantoeman, 36 jaar oud, is in Februarie 1956 as 'n fekale draer gediagnoseer. Maandelikse monsters van sy ontlasting en urine is ondersoek en daar is bevind dat hy 'n hardnekkige fekale draer is. Daar is inderdaad oor 'n tydperk van sewe jaar slegs vier negatiewe ontlastingsmonsters verkry. Hy is op 28 Maart 1963 in die hospitaal opgeneem en het dieselfde behandeling as geval no. 1 ontvang. In 'n opvolgingsondersoek is twee positiewe ontlastingsmonsters op 11 en 14 April 1963 gevind. Na hierdie bevinding is hy met 1 G. Ampicillin elke 6 uur vir 'n verdere 10 dae behandel. Hy het net soos geval no. 1 op hierdie behandeling gereageer, t.w. sy ontlasting het na aanleiding van weeklikse ondersoeke 12 maande lank negatief gebly. Sy Vi-toets het egter positief gebly.

Of hierdie pasiënt permanent negatief sal bly, moet nog vasgestel word.

In die verlede het ek draers met verskillende metodes behandel en van tyd tot tyd bevind dat positiewe gevalle, negatief word, maar daar is nie altyd met dieselfde metode sukses behaal nie.

Sedert hierdie verslag geskryf is, is nog 'n draer deur middel van Ampicillin sonder welslae

behandel, en die pasiënt het 'n draer gebly, nieteenstaande uitgerekte behandeling.

Daar kan dus nie te veel op hierdie resultate vertrou word nie. Dit word egter geboekstaaf omdat hierdie gevalle kroniese draers was en dit tog blyk dat die Ampicillin 'n mate van uitwerking gehad het.

Ingevoerde gevalle

Van die ingevoerde gevalle was drie (2 Blankes en 1 Nieblanke) inwoners van Pretoria wat die siekte buite die Pretoriase munisipale gebied opgedoen het. Die orige 7 gevalle, almal Bantoes, is pasiënte wat die siekte elders opgedoen het en 'n tydlank by familielede of vriende in Pretoria ingewoon het voordat die gevalle ontdek is en hulle in die Afsonderingshospitaal opgeneem is. Een is egter afgesonder en tuis behandel.

Daar was geen sekondêre infeksies nie. Een pasiënt, 'n Bantoe, het gesterf.

POLIOMIELITIS.

Die volgende gevalle van poliomiëlitis is gedurende die jaar aangemeld:—

2 to to gottino gottino tunt portottinonio io	god aromao aro	Jane Harrison I	
	Blankes	Nieblankes	Totaal
Plaaslike gevalle	— (—)	7 (1)	7 (1)
Ingevoerde gevalle	— (—)	— (—)	— (<u> </u>
Voorkomssyfer per 100,000 van die bevol-			
king (plaaslike gevalle)	— (—)	3.4 (0.5)	1.9 (0.3)
Sterftes onder plaaslike gevalle	()	 ()	— (—)

Ses pasiënte het verlamming in een been en een verlamming in albei bene gehad. Ses pasiënte is nooit voorheen geïmmuniseer nie, maar een het drie toedienings entstof ontvang.

Almal is vir behandeling na die hospitaal verwyder.

Poliomiëlitis-virus tipe 1 is uit die stoelgange van 4 pasiënte geïsoleer.

Daar was geen sekondêre infeksies nie.

Al die gevalle het binne die eerste 5 maande van die jaar voorgekom. Op daardie stadium was daar besorgdheid oor wat mag volg, maar dit is met genoeë dat daar gemerk word dat daar geen verdere gevalle was nie.

Drie gevalle het volkome herstel en een het aansienlike verbetering getoon. In die orige drie gevalle is daar egter permanente letsels opgedoen.

Daar is gereelde immuniseringsklinieke vir Blankes en Nieblankes gehou.

Die onderstaande tabel toon die getal dosisse poliomiëlitis-entstof wat in die onderskeie ouderdomsgroepe ongeag ras, toegedien is. Die syfers in hakies toon die getal gevalle waar 'n derde dosis toegedien is en is 'n aanduiding van die getalle wat die hele reeks ontvang het.

2 5	Blankes	Asiate	Kleurlinge	Bantoes	Totaal
3—5 maande	3,138	199	148	3,034	6,519
6—11 maande	5,291	221	138	4,249	9,899
1—4 jaar	4,934	151	50	3,144	8,279
5—6 jaar	453			395	848
7—9 jaar	184	1		223	408
10—14 jaar	84				84
15—19 jaar	6				6.
20—29 jaar	502			—	502
Swanger vrouens	162			30	192
Immigrante	21	_		_	21
Totale getal dosisse toegedien Getal derde dosisse toegedien	14,775 (4,485)	572 (178)	336 (100)	11,075 (2,595)	26,758 (7,358)

Die gee van 14,755 dosisse aan Blankes en 11,983 dosisse aan Nieblankes gedurende die jaar vergeleke by 8,481 dosisse vir Blankes en 7,514 dosisse vir Nieblankes in 1962 toon 'n aangename toename. Daarenteen blyk dit, na aanleiding van afleidings deur die totale getal dosisse deur drie te deel, dat ongeveer 450 uit 4,500 Blankes (10%) en 1,000 uit 4,000 Nieblankes (25%) nie die volle reeks van 3 toedienings ontvang nie. Dit is verontrustend en pogings word aangewend om die publiek aan te moedig om hulle vir die volledige reeks aan te meld.

Propaganda vir immunisering word dikwels in die Blanke- en Bantoe-pers en die munisipale

nuusbrief aan die publiek van Pretoria gemaak.

SKARLAKENKOORS

Die gevalle wat aangemeld is, is soos vol	lg:—		
	Blankes	Nieblankes	Totaal
Plaaslike gevalle	30 (54)	2 ()	32 (54)
Ingevoerde gevalle	2 (2)	- (-)	2 (2)

Plaaslike gevalle.

Soos voorheen word die siekte in 'n ligte graad opgedoen en daar is selde enige komplikasies. Twee gevalle was volwassenes, 22 was skoliere en 8 kinders van voorskoolse ouderdom. Twaalf was manlike pasiënte en 20 vroulike pasiënte. Drie gevalle is in die Afsonderingshospitaal opgeneem, een in die Militêre Hospitaal te Voortrekkerhoogte en 28 is afgesonder en tuis behandel.

Slegs 1 sekondêre geval is aangemeld. Hierdie geval het in 'n huis voorgekom vanwaar 'n

vorige geval kort tevore aangemeld is.

Ingevoerde gevalle.

Albei gevalle het die siekte buite die Pretoriase munisipale gebied opgedoen. Albei pasiënte was Blankes, een 'n manlike skolier en die ander 'n vroulike pasiënt van voorskoolse ouderdom, wat afgesonder en tuis behandel is.

DIFTERIE.

Die volgende gevalle is gedurende die ja	ar aangemeld:-	_	
	Blankes	Nieblankes	Totaal
Plaaslike gevalle	8 (29)	26 (47)	34 (76)
Ingevoerde gevalle	1 (-)	- (1)	$\frac{1}{2}$ (1)
Sterftes onder plaaslike gevalle	1 (6)	6 (5)	7 (11)
Voorkomssyfer per 100,000 van die bevol-	E 2 (10.2)	10 5 (21 2)	0.0 (20.2)
king (plaaslike gevalle)	5.3 (18.2)	13.5 (21.3)	9.8 (20.2)

Plaaslike gevalle.

Die Nieblanke-gevalle was 1 Kleurling en 25 Bantoes. Nege van die gevalle was skoliere en 25 kinders van voorskoolse ouderdom. Sestien was manlike pasiënte en 18 vroulike pasiënte.

Drie-en-dertig pasiënte is na die Afsonderingshospitaal vir behandeling verwyder. Een het tuis siek geword en gesterf. Laasgenoemde geval is slegs by afsterwe ontdek en aangemeld. Sewe pasiënte (1 Blanke en 6 Bantoes) het ongelukkig gesterf. Soos so dikwels gebeur, het die pasiënte wat te sterwe gekom het, slegs mediese behandeling verlang toe die siekte al so ver gevorder het dat behandeling van min nut was. Nie een van die gevalle is voorheen geïmmuniseer nie.

Twee sekondêre gevalle (1 Blanke en 1 Bantoe) is aangemeld. Hierdie sekondêre gevalle het in

huise voorgekom waar 'n vorige geval kort vantevore aangemeld is.

Drie-en-dertig pasiënte is nooit geïmmuniseer nie, maar een, 'n blanke is voorheen geïmmuniseer. Die pasiënt het die siekte slegs in 'n ligte vorm gehad.

Die volgende tabel toon die getal persone wat gedurende die afgelope 10 jaar by die Afdeling se klinieke teen difterie ingeënt is, saam met die getal gevalle wat gedurende dieselfde tydperk voorgekom het:—

	Blankes		Niebl	ankes
	Geïmmuniseer	Getal gevalle	Geïmmuniseer	Getal gevalle
1954	3,216	98	590	26
1955		52	280	38
1956	989	26	3,345	57
1957	1,062	10	1,023	49
1958	1,123	18	1,174	63
1959	1,452	13	1,410	73
1960	1,411	22	1,486	61
1961		12	1,728	32
1962		30	2,224	46
1963	2,899	8	2,652	26

OPMERKING.

Die groot getal Blanke kinders wat gedurende 1954 geïmmuniseer is, is aan die verhoogde voorkomssyfer van difterie by Blankes gedurende daardie jaar toe te skryf, wat destyds 'n geredelike reaksie op ons propagandaveldtog tot gevolg gehad het. Die groot getal Nieblankes wat gedurende 1956 geïmmuniseer is, was die gevolg van 'n intensiewe immuniseringsveldtog wat by die Mamelodilokasie uitgevoer is.

Die toename van die immuniserings vir Blankes sowel as Nieblankes vir die jaar, hoewel nie heeltemal bevredigend nie, is tog bemoedigend.

Twee gevalle, 'n manlike Blanke persoon van 6 jaar oud en 'n manlike Bantoe persoon, ook 6 jaar oud, is vir die difterie-draertoestand behandel.

Ingevoerde gevalle.

Hierdie geval was 'n vroulike Blanke pasiënt van voorskoolse ouderdom van Pretoria wat die siekte buite die munisipale gebied opgedoen het. Sy is tot die Afsonderingshospitaal vir behandeling en herstel toegelaat.

POKKIES

Een plaaslike geval is aangemeld. Die pasiënt was 'n Bantoevrou van 21 jaar oud wat nie geïmmuniseer is nie en was uit die Mamelodi-bantoewoongebied afkomstig. Sy is na die Rietfontein-hospitaal, naby Johannesburg, op die dag waarop daar vasgestel is dat sy die siekte het, verwyder waar die diagnose bevestig is. Die pasiënt het die siekte in 'n ligte graad gehad en het heeltemal herstel.

Sy was buite die munisipale gebied woonagtig, maar het 'n maand vantevore na Pretoria gekom oor 'n bevalling. Na die geboorte van haar baba, het sy by haar broer in Mamelodi ingewoon, waar daar bevind is dat sy aan die siekte ly.

Sy het een van ons klinieke bygewoon waar 'n babakliniek aan die gang was. Die persone wat die kliniek op daardie dag bygewoon het, is opgespoor en hulle, sowel as hulle gesinne, is ingeënt. Sewehonderded vyf-en-twintig gevalle is gevolglik ingeënt.

Inentingspanne bestaande uit Gesondheidsinspekteurs, bygestaan deur Bantoe-amptenare van die Afdeling Nieblankesake het inwoners van huise in die omgewing van die huis waar die geval voorgekom het, ingeënt. Seshonderd en dertig (630) kontakte is op daardie dag ingeënt.

Roetine-inenting van die kliniekpersoneel, ambulansdrywers en ander wat met die geval gehandel het, het plaasgevind.

Gedurende September is 'n geval van pokkies by 'n Bantoekind wat buite die munisipale gebied woonagtig is, aangemeld. Twee direkte kontakte met die geval, wat in Pretoria werk, asook hulle onmiddellike kontakte, is onverwyld ingeënt.

Die feit dat 'n geval voorgekom het, is in die pers vermeld en die Afdeling is as gevolg daarvan oorval met navrae in verband met inenting.

Daar die geval buite die Pretoriase munisipale gebied voorgekom het, en aangesien 'n groot deel van die bevolking ingeënt of heringeënt is gedurende die pokkiesalarm in 1961, is daar besluit om nie weer 'n inentingsveldtog van wal te stuur nie.

Bywoning van die weeklikse inentingsklinieke het egter so gestyg dat vir drie opeenvolgende weke vyf bykomende inentingspanne vir Blankes en twee vir Nieblankes werksaam was om die groot aantal lede van die publiek wat hulle vir inenting aangemeld het, te hanteer. Twee mobiele spanne het ook by handelsfirmas en private ondernemings wat Bantoe-arbeid trek van inwoners in die gebied waar die geval voorgekom het, opgetree.

As gevolg daarvan is 8,068 Blankes en 5,568 Nieblankes gedurende hierdie tydperk ingeënt.

Roetine-inenting teen pokkies.

Drieduisend vyfhonderd nege-en-vyftig (3,559) Blankes en 2,368 Nieblankes is gedurende die jaar by die munisipale klinieke ingeënt. Besonderhede hiervan is soos volg:—

BLANKES

	Eerste	inenting	Herine	enting	
Ouderdomsgroepe	Manlik	Vroulik	Manlik	Vroulik	Totaal
0—13 maande	673 (283)	648 (343)	34 (17)	29 (15)	1,384 (658)
13 maande tot 6 jaar		597 (395)	126 (55)	103 (37)	1,400 (957)
Skoliere		111 (108)	190 (55)	198 (28)	636 (263)
Volwassenes		2 (42)	74 (2)	50 (6)	139 (69)
TOTAAL	1,397 (844)	1,358 (888)	424 (129)	380 (86)	3,559 (1,947)

Nieblankes.

0–13 maande	272 (196 6 (1 ⁴	() 203 (-) 9	(624) (189) (13) (1)	18 (23) 75 (25) 22 (11) 29 (21)	74 (22) 25 (13)	1,563 (1316) 624 (432) 62 (51) 119 (30)
TOTAAL	998 (854) 1,032	(827)	144 (80)	194 (68)	2,368 (1,829)

Die toename in die aantal Blankes wat gedurende die jaar by ons gewone weeklikse klinieke

ingeënt is, was bemoedigend.

Hoewel die aantal Nieblankes wat gedurende die jaar ingeënt is, 'n vermeerdering vergeleke by verlede jaar se syfers toon, is dit minder as die aantal vir 1961 toe 2,650 ingeënt is. Dit is teleurstellend dat Nieblankes hulle nie veel steur aan ons roetine-propaganda wat op die noodsaaklikheid van inenting aandring nie.

Ons gaan egter voort met ons pogings om hierdie seksie van die publiek in te lig.

KWASJIORKOR.

Vierhonderd en vyftien (415) gevalle is gedurende die jaar aangemeld en aangesien die siekte eers in September verlede jaar aanmeldbaar gemaak is, kan daar nie op hierdie stadium 'n mening uitgespreek word oor die voorkomsneiging nie. Van die 415 aangemelde gevalle was 2 Blankes en 413 Bantoes

Die verspreiding van die Nieblanke-gevalle was soos volg:—
Mamelodi
Atteridgeville en Saulsville
Lady Selborne
Eersterust
Oostelike voorstede
Sentrale gebied
Noordelike voorstede

Die volgen	de tabel 0–1	toon die	ouderdon 2–3	nsgroepe 3-4	volgens ge 4–5	eslag aan: 5–6	 6-7	Bo 7	Totaal
Geslag Manlik Vroulik	jaar 27 . 30	jaar 125 110	jaar 40 49	jaar 9 14	jaar 2 5	jaar 1 1	jaar 1 —	jaar 1 —	206 209
TOTAAL	57	235	89	23	7	2	1	1	415

Eenhonderd vier-en-tagtig (184) gevalle is deur die Algemene Hospitaal aangemeld, 166 deur die munisipale klinieke, 52 deur die Registrateur van Geboortes en Sterfgevalle, 12 deur die Afsonderingshospitaal en 1 deur die Gesondheidsraad vir Buitestedelike Gebiede.

STAFILOKOK-INFEKSIES. (By moeders en pasgebore babas.)

Eenhonderd ses-en-sewentig gevalle van die siekte is gedurende die jaar aangemeld.

Eenhonderd-en-elf (111) pasiënte was Blankes en 65 Nieblankes.

Die voorkoms by Blankes toon 'n aansienlike afname vergeleke by verlede jaar se syfer.

Die syfer vir Nieblankes, hoewel dit 'n toename toon vergeleke by verlede jaar, is nog baie laag en nie betroubaar nie aangesien baie gevalle nooit aan die lig kom nie.

Die verspreiding van die gevalle, tesame met die aantal bevallings en elke kraaminrigting of groep en die persentasie moeders en babas wat tekens van infeksie na bevalling getoon het, word in die volgende tabel aangedui:

BLAI	VK.	ES
------	-----	----

Hospitaal A Hospitaal B Hospitaal C Hospitaal D Vroedvroue.	Aantal infeksies 31 (15) 42 (49) 27 (44) 5 (8) 6 (17)	Aantal bevallings 1,460 (1,333) 1,451 (2,584) 1,928 (1,760) 432 (nie beskikbar 488 (469)	Persentasie van bevallings wat infeksie opgedoen het 2.1 (1.1) 2.8 (1.8) 1.4 (1.5) ar nie) 1.1 (?) 1.2 (3.6)
_TOTAAL	111(133)	5,759	1.9
NIEBLANKES			
Hospitaal E	51 (16) 3 (9) 11 (1)	6,429 (6,059) 1,559 (1,595) 867 (nie beskikba	0.2 (0.5)
TOTAAL	65 (26)	8,855	0.7

Die meeste van die gevalle word deur Gesondheidsbesoeksters op hulle roetinebesoeke aan pasgebore babas aan die lig gebring, gewoonlik 14 dae na geboorte wanneer die moeders en babas weer tuis is. Benewens die gewone roetine-ondersoeke van hierdie geboortes, word moeders oor die moontlike aanwesigheid van stafilokok-letsels ondervra. Waar nodig, word smere onmiddellik geneem en enige abnormale toestand word aangemeld.

Die plekke waar die infeksie in 174 gevalle wat aangemeld is, voorgekom het, is soos volg:— In 12 gevalle van infeksie is twee of meer plekke aangemeld.

	Gevalle
Etterende oë	77
Borsabsesse	52
Swere	9
Velletsels (swere of septiese uitslae)	36
Septiese nawel	
Septiese vingernaels	
Septiese keisersneewonde	
Septiese Resolution of activities and activities a	
TOTAAL	188

In 111 gevalle is diagnostiese smere geneem. Een-honderd-en-vier (104) gevalle het getoon dat koagulase (+)-stafilokokke en 5 dat koagulase (-)-stafilokokke teenwoordig was. In 2 gevalle is geen kweking gevind nie. Smere is nie van die orige gevalle (63) geneem nie, aangesien die letsels behandel is en reeds genees was toe die Gesondheidsbesoekster haar besoek afgelê het. Op grond van die kliniese geskiedenis is daar egter gemeen dat dit stafilokokletsels is.

In 17 gevalle waar koagulase (+)- of (—)- stafilokokke teenwoordig was, is ook 'n tweede

organisme gevind, en wel soos volg:-

Koagulase (+)-stafilokok en alfa-hemolitiese streptokokkus—8 gevalle. Koagulase (+)-stafilokok en beta-hemolitiese streptokokkus—4 gevalle.

Koagulase (+)-stafilokok en diplokokkus-pneumonie—2 gevalle. Koagulase (—)-stafilokok en diplokokkus-pneumonie—1 geval.

Koagulase (+)-stafilokok en E. coli—2 gevalle.

Een geval het infeksie deur twee afsonderlike soorte stafilokok getoon.

Gevoeligheidstoetse is ook op gevalle van koagulase (+)-stafilokokkus uitgevoer om met die behandeling van pasiënte te help.

Die aantal koagulase (+)-smere wat ongevoeligheid vir die verskeie anti-bakteriese middels

Jon net, was soos voig.—				
Aan polymixin	98 (71)	Aan oxitetrasi	9	(35)
Aan colistin	96 (5)	Aan chlortetrasikline	8	(25)
Aan penisilline	63 (61)	Aan chloramfenikol	11	(18)
Aan ampisilline	56 (5)	Aan novobiocin	6	(4)
Aan tetrasikline	37 (36)	Aan kanamisine	5	(4)
Aan streptomisine	29 (29)	Aan eritromisine	4	(5)
Aan sulfoonsuuramied				• ′

Toesighouding oor persone wat as vroedvroue in die munisipale gebied praktiseer en wat nie mediese praktisyns is nie, word deur die Inspektriese van Vroedvroue uitgevoer. Haar pligte sluit in die roetine-inspeksie van kraaminrigtings onder ons beheer. Gedurende hierdie inspeksies word die personeel van die kraaminrigtings geraadpleeg en van raad bedien oor die beheer van hierdie infeksie.

Kraaminrigtings onder ons beheer het baie goed met die personeel van hierdie Afdeling saamgewerk. Verdagte gevalle word onmiddellik by die Afdeling aangemeld en heelwat hulp is in ver-

band met opvolgingsondersoeke verleen.

Een van die inrigtings het die dienste van 'n bakterioloog bekom wat weekliks by die inrigting besoek aflê, bakteriologiese toetse uitvoer en die personeel waar nodig van raad bedien by die beheer van hierdie infeksie. Dit blyk dat so 'n stelsel wel resultate oplewer as daarop gelet word dat, soos blyk uit die voorkomstabel vroeër in die verslag, die voorkoms in Hospitaal C van 2.5% in 1962 na 1.4% in 1963 verminder het.

Private vroedvroue is ook onderrig in die gebruik van moderne antiseptiese middels en metodes vir die beheer van stafilokok-infeksies. Hier blyk dit ook dat sulke maatreëls 'n uitwerking gehad het, soos weer eens uit die voorkomstabel gemerk sal word. (Voorkoms van 3.6% in 1962 ver-

minder na 1.2% in 1963).

Die algemene neiging om die personeel se sluiers deur 'n geskikter hooftooisel te vervang, word verwelkom.

Gedurende die jaar het een inrigting lugfiltreerders in die kraamsale geïnstalleer en dit is interessant om te merk dat hierdie inrigting nie een septiese keisersneewond aangemeld het nie.

Soos verlede jaar berig is, het die Afdeling die aanbod van die gratis dienste van 'n bakterioloog aangeneem en dit het van waarde geblyk te wees. Van tyd tot tyd is smere van verskillende dele van die omgewing, toebehore en toerusting van verpleeginrigtings geneem in 'n poging om die bronne van stafilokok-infeksie vas te stel. Die hoofbron van infeksie bly steeds die moeders wat die infeksie op die babas oordra en dikwels terug na hulself wanneer borsabsesse voorkom. Ten einde groter welslae te behaal, moet hierdie infeksieketting gebreek word. As verwagtende moeders voor opname in 'n verpleeginrigting vry van infeksie gemaak kon word, sal daar 'n afname in die aantal gevalle wees, mits alle ander voorsorgmaatreëls afgedwing en 'n hoë standaard verpleging aangebied word.

Daar mag gemeen word dat pogings om 'n epidemie van die infeksie te voorkom deur middel van die roetine-beheer wat tans uitgeoefen word, toereikend is, maar as 'n mens die ontstellende

gevolge in sommige gevalle sien, is die bykomende moeite heeltemal die moeite werd.

Een pasiënt het 17 swere en 'n ander een 75 swere na swangerskap ontwikkel. In 'n ander geval was die baba meer as 6 maande oud toe hy nog steeds infeksie van die oë gehad het wat kort na geboorte opgedoen is — en dit ten spyte van aanhoudende behandeling. Nog 'n baba het aan stafilokok-pneumonie gesterf. Ondersoeke word uitgevoer om die probleme te oorkom en maniere te vind om so 'n skema in werking te stel.

MENINGOKOKKALE MENINGITIS.

Ondergemelde gevalle is aangemeld:—	Blankes	Nieblankes	Totaal
Plaaslike gevalle	2 (5)	2 (3)	4 (8)
Ingevoerde gevalle	(—)	— (—)	— (—)
Albei die plaaslike Nieblanke-gevalle was	Bantoes.		

Al die pasiënte is in die Afsonderingshospitaal opgeneem vir behandeling. Een Bantoe is ongelukkig oorlede.

ANDER AANGEMELDE AANSTEEKLIKE SIEKTES.

	Plac	ıslik	Inge	evoer
	Blankes	Nieblankes	Blankes	Nieblankes
Belroos	3 (1)	— (1)	— (1)	— (<u>—</u>)
Enkefalitis	2 (5)	2 (3)	- (1)	- (1)
Melaatsheid	— (—)	5 (1)	— (<u>—</u>)	7 ()
Vergiftiging deur insektegif		— (—)	— (—)	—(—)

Hoofstuk III

HOSPITAAL VIR AANSTEEKLIKE SIEKTES

Hierdie hospitaal, 'n inrigting met 90 beddens, behoort aan die Stadsraad van Pretoria, en is

geleë op die terrein van die Pretoriase Algemene Hospitaal.

Die sale vir Blankes, wat heeltemal van die Nieblanke-afdeling geskei is, kan 50 pasiënte huisves, terwyl die sale vir Nieblankes 40 beddens bevat. Daar is nie afsonderlike huisvesting vir Asiate- of Kleurlingpasiënte nie, maar waar moontlik word hulle in private, enkel- of tweebedsale verpleeg.

Die personeel van die Nieblanke-afdeling bestaan uitsluitlik uit Bantoeverpleegsters behalwe dat daar nou en dan Indiër- of Kleurlingverpleegsters is wat opleiding in die Pretoriase Algemene

Hospitaal ontvang.

GELDELIKE REELINGS.

Die Pretoriase Hospitaal voorsien al die verplegingspersoneel, aptekersbenodigdhede, X-straalgeriewe, rantsoene, linne en wasgeriewe, stoom, lig en water, asook sekere gespesifiseerde koste van onderhoud van die geboue en toerusting.

Hiervoor betaal die Stadsraad 'n vasgestelde bedrag per pasiënt per dag vir dié pasiënte vir wie hy geldelike aanspreeklikheid aanvaar. Hierdie bedrag word periodiek deur onderlinge ooreen-

koms gewysig as stygende koste dit regverdig.

Daar word ook onderling gereël dat die Spesialistepersoneel van die Algemene Hospitaal vir raadpleging by die Hospitaal vir Aansteeklike Siektes beskikbaar is, terwyl die Stadsraad se Geneeskundige Beamptes 'n dag-en-nag-raadplegingsdiens vir aansteeklike siektes voorsien, wat veral deur die personeel van die Ongevalle- en Opname-afdelings van die Algemene Hospitaal gebruik en gewaardeer word.

GEBIEDE WAT BEDIEN WORD.

Hieronder ressorteer die Pretoriase munisipale gebied, sy buitestedelike gebiede en Noord-Transvaal, maar pasiënte uit enige ander gebied wat moeilikheid ondervind om sy eie pasiënte te huisves, soos byvoorbeeld tydens epidemies, word opgeneem.

AMBULANSREELINGS

Die Pretoriase Stadsraad voorsien sy eie ambulansdienste vir aansteeklike siektes. Dieselfde geld vir die Gesondheidsraad vir Buitestedelike Gebiede, terwyl ander plaaslike owerhede hul pasiënte per trein, huurmotor, of ambulans instuur, na gelang omstandighede dit vereis.

AANSTEEKLIKE SIEKTES. HOSPITAALSTATISTIEK.

L.W.—Vergelykende syfers word tussen hakies verstrek en het betrekking op die tydperk van 12 maande wat op 1 Januarie 1962 begin en 31 Desember 1962 eindig.

TOTALE OPNAMES.

Negehonderd-en-veertig (935) pasiënte van wie 163(265) Blankes en 777 (670) Nieblankes was, is opgeneem.

Die gebiedsverspreiding is:

	гтеготіа	Anaer gebieae
Blankes	96 (186)	67 (79)
Nieblankes	446 (398)	331 (272)

AKUTE ANTERIOR-POLIOMIELITIS.

Daar is vanjaar 8 (4) pasiënte opgeneem. Drie (1) pasiënte was Blankes en 5 (3) was Nieblankes. Geeneen van hierdie pasiënte is geïmmuniseer nie, en Tipe 1-poliomiëlitisvirus is van almal, behalwe 'n Nieblanke kind wat oorlede is voordat 'n laboratoriumondersoek ingestel kon word, geïsoleer.

Verspreiding.

DI I	Pretoria	Ander gebiede
Blankes	0 (0)	3 (1)
Nieblankes	4 (1)	1 (2)

Voorkomstyd en -syfer van alle gevalle.

Jan. Feb. Maart April Mei Junie Julie Aug. Sept 0 (0) 1 (0) 2 (0) 1 (0) 3 (1) 1 (0) 0 (0) 0 (0) 0 (1	Okt.	Nov.	Des.
---	------	------	------

Finale uitslae.

Blankes.—Een Blanke kind met 'n bulbar-aanval met keelholteverlamming het volkome herstel. Die ander twee met ernstige oorgeblewe verlamming is na ander hospitale oorgeplaas.

Nieblankes.—Twee van die 5 Nieblanke kinders het volkome herstel, twee het effens verlamming in een been oorgehou en een is oorlede.

DIFTERIE.

Daar was 'n afname in die aantal plaaslike gevalle en 'n skerp toename in die aantal gevalle wat vanjaar van buite Pretoria opgeneem is. Talle gevalle van buite Pretoria bereik die hospitaal in 'n uiters verwaarloosde en feitlik sterwende toestand.

Eenhonderd twee-en-sestig (141) pasiënte is gedurende die jaar opgeneem, waarvan 25 (34) Blankes was en 137 (107) Nieblankes. Twee plaaslike gevalle, een Blanke en een Nieblanke, asook 2 Blankes uit ander gebiede, is beskou as tydelike draers van die difterie-basil.

Verspreiding.

	Pretoria	Ander gebiede
Blankes	9 (29)	16 (5)
Nieblankes	30 (43)	107 (64)

Van die pasiënte wat opgeneem is, was 57.4% (54.8%) kinders van vyf jaar en jonger.

Blankes.—Twee gevalle het gesterf: albei het "bulnek"-aanvalle gehad en een moes ook 'n trageotomie-operasie ondergaan. Twee ander gevalle van asemhalingsobstruksie en wat trageotomie-operasies ondergaan het, het aan die lewe gebly. Sewe ander pasiënte met "bulnek"-aanvalle het na lang tydperke van hospitalisasie herstel. Een van laasgenoemde gevalle was 144 dae en die ander een 82 dae lank in die hospitaal.

Nieblankes.—Sewe-en-dertig gevalle is oorlede en hiervan het 13 "bulnek"-aanvalle gehad en nog 8 moes trageotomie-operasies ondergaan. Altesaam 17 pasiënte met "bulnek"-aanvalle is opgeneem. Twaalf gevalle moes trageotomie-operasies ondergaan, insluitende twee gevalle wat keelholte- en diafragmaverlamming ontwikkel het. Een van die gevalle met keelholteverlamming is oorlede en die ander een is na 119 dae hospitalisasie ontslaan.

Voorkomstyd en -syfer.

Jan. Feb. Maart April Mei Junie Julie Aug. Sept. Okt. Nov. Des. 29 (20) 27 (9) 17 (17) 33 (19) 10 (15) 5 (10) 4 (12) 6 (12) 5 (8) 9 (5) 6 (9) 11 (5)

Die voorkomssyfers onder Nieblankes in die Pretoriase lokasies was soos volg: Mamelodi 12 (12), Lady Selborne 9 (12), Atteridgeville 1 (5), Saulsville 4 (7), Kleurlinglokasie 0 (2) en Asiatebuurt 0 (0). Vier (5) Nieblanke kinders is vanuit Blankewoongebiede opgeneem.

TIFOIDE.

Die totale behandelde gevalle was 79 (86) van wie 6 (13) Blankes was en 73 (73) Nieblankes.

Alle Blankes het sonder terugslae herstel.

Tien Nieblanke-gevalle het gesterf. Van dié 10 het een 'n gekompliseerde amoebiese lewerabses gehad en die meeste van die ander pasiënte is met 'n gevorderde stadium van die siekte opgeneem. Vier gevalle het 'n koorspsigiose na tifoïde ontwikkel, maar almal het herstel.

Twee pasiënte wat bekend is as kroniese fekale draers van Salmonella Typhosa is ook opgeneem, en vir sover vasgestel kan word, permanent van die siekte genees deur die toediening van ampisilline.

Gebiedsverspreiding.

	Pretoria	Anaer gebieae
Blankes	5 (3)	1 (10)
Nieblankes	33 (33)	40 (40)
Niebiankes	()	• ′

Voorkomstyd en -syfer.

Sept. Okt. Nov. Des. Julie Aug. Junie Feb. Maart April Mei Jan. 14 (17) 6 (6) 13 (13) 5 (2) 3 (5) 10 (10) 6 (9) 10 (12) 2 (4) 7(3)1 (4) 2(1)

Die voorkomssyfer onder Nieblankes in die Pretoriase lokasies was soos volg: Mamelodi 9 (17), Lady Selborne 8(6), Atteridgeville 2 (0), Saulsville 6 (1), Laudium 1 (0), Eastwood 4 (0) terwyl die orige drie (9) gevalle deur die stad versprei was.

SKARLAKENKOORS

Vier (11) Blanke en een (0) Nieblanke pasiënte is opgeneem.

7	76	rs	n	ei	di	n	ø.
•	Æ.≂	10	L) I				_

•	Pretoria	Ander gebiede
	2 (8)	2 (3)
Blankes	`	0 (0)
Niehlankes	1 (0)	0 (0)

Een kind is as 'n verdagte geval van nefritis-komplikasie van die siekte opgeneem. Dit was gelukkig nie die geval nie. Nog 'n kind het aan ernstige sulisilisaatbedwelming gely, maar het gelukkig herstel. Die orige drie gevalle is opgeneem omdat toestande tuis so 'n stap geregverdig het.

PULMONÊRE TUBERKULOSE.

Pasiënte wat aan pulmonêre tuberkulose ly, word in die reël nie in die Afsonderingshospitaal opgeneem nie, maar dit was in die loop van die jaar nodig om 'n paar gevalle vir 'n dag of twee te huisves terwyl daar reëlings vir hul opname in verskillende sanatoriums getref is. 'n Aantal pasiënte wat in 'n sterwende toestand by die Algemene Hospitaal aangekom het, moes ook opgeneem word.

Verspreiding.

	Pretoria	Ander gebiede
Blankes	6 (9)	4 (0)
Nieblankes	228 (138)	96 (81)

Twee Blanke en 16 Nieblanke pasiënte is oorlede voordat reëlings vir hulle oorplasing na sanatoriums getref kon word.

Opmerking.—Vir die hospitalisasie van tuberkulosegevalle in die algemeen, sien gedeelte oor

Tuberkulose.

DUITSE MASELS.

Van die Blanke-gevalle wat opgeneem is, was 3 lede van die verpleegpersoneel van die Pretoriase Algemene Hospitaal, een was 'n leërrekruut wat nog nie die eed afgelê het nie en die orige 2 gevalle is toegelaat op grond van toestande wat geen verband gehad het met hulle aanval van Duitse masels nie.

Die enigste Nieblanke-geval wat opgeneem is, was 'n verpleegster.

Verspreiding.

	Pretoria	Ander gebiede
Blankes	6 (56)	0 (8)
Nieblankes	1 (0)	0 (0)
a goon stonfgovalla nia		

Daar was geen sterfgevalle nie.

MASELS.

In Pretoria is masels nie 'n aanmeldbare siekte nie en die gevalle wat opgeneem is, is slegs 'n breukdeel van die aantal kinders wat inderdaad die siekte opdoen.

Altesaam 19 (57) Blankes en 98 (160) Nieblankes is opgeneem.

Verspreiding.

	Pretoria	Ander gebiede
Blankes	10 (33)	9 (24)
Nieblankes	66 (115)	32 (45)

Al die Blanke-gevalle het herstel. Brongo-pneumonie was die algemeenste komplikasie. Een kind het enkefalitis, 3 keelholtetrageobrongitis en 2 otitis medea as komplikasies ontwikkel. Van die Nie-blanke-gevalle is 6 aan 'n kompliserende brongo-pneumonie oorlede. Afgesien van brongo-pneumonie, die algemeenste komplikasie, is die 2 gevalle wat spesiale melding verdien, een van enkefalitis en die ander een van keelholte-trageobrongitis wat 'n trageotomie-operasie moes ondergaan. Albei laasgenoemde gevalle het sonder terugslae herstel.

KINKHOES.

Twaalf (11) Blankes en 19(13) Nieblankes is opgeneem.

	Pretoria	Ander gebiede
Blankes	9 (8)	3 (3)
Nieblankes	14 (11)	5 (2)

Blankes.—Met die uitsondering van 1 kind wat 'n gemengde infeksie van kinkhoes en water pokkies gehad het, het al die ander brongo-pneumonie as komplikasie ontwikkel. Almal het sonder terugslae herstel.

Nieblankes.—Brong-pneumonie was weer eens die hoofkomplikasie en die enigste sterfgeval was as gevolg van hierdie komplikasie. Een kind met ernstige keelholte-trageobrongitis moes 'n trageotomie-operasie ondergaan.

EPIDEMIESE PAROTITIS (PAMPOENTJIES).

Dertien Blankes en geen Nieblankes is opgeneem. Daar was geen sterfgevalle nie.

Verspreiding.

	Pretoria	Ander gebiede
Blankes	10 (1)	3 (2)
Nieblankes	0 (0)	ŏ (ō)
***************************************	0 (0)	0 (0)

Vier van die gevalle wat opgeneem is, was verpleegsters. Met die uitsondering van 1 geval van enkefalitis en 1 van orgitis, is die ander gevalle opgeneem weens komplikasies wat nie direk met pampoentjies in verband gestaan het nie.

MENINGITIS: MENINGOKOKKALE EN ANDER TIPES.

Altesaam vyf gevalle is opgeneem. Almal het aan meningokokkale meningitis gelv en almal het sonder terugslae herstel.

Verspreiding.

	Pretoria	Ander gebiede
Blankes	1 (3)	2 (2)
Nieblankes	1 (2)	1 (3)

WATERPOKKIES.

Sewentien (10) Blankes en 11 (13) Nieblankes is	opgeneem.	Daar was geen sterfgevalle nie.
	Pretoria	Ander gebiede
Blankes Nieblankes	3 (11)	3 (3) 8 (2)

Onder die gevalle wat opgeneem is, was daar 6 verpleegsters en 3 pasiënte uit plekke soos hotels, waar hulle nie afgesonder kon word nie. Vyf ander pasiënte is met kompliserende pneumonie opgeneem en die orige gevalle het gely aan toestande wat nie met waterpokkies in verband gestaan het nie.

ANDER OPNAMES.

Leprosegevalle word in die reël in die Staat se Leprose-inrigting te Westfort naby Pretoria opgeneem, maar wanneer gevalle aldaar groot snykundige behandeling verg, word hulle in die Afsonderingshospitaal opgeneem. Vier (2) Blankes en 11 (16) Nieblankes is vir hierdie doel gedurende die verslagjaar opgeneem. Een van die Nieblankes is aan leprose en kanker van die slukderm oorlede.

Ander Blankes wat opgeneem is, is 5 gevalle van belroos, 1 van harsingvliesontsteking, 1 van aansteeklike monomucleosis, 1 van brongo-pneumonie as 'n maselskontak, 1 van virus-enkefalitis, 1 van gasgangreen met hoofbeserings en een kind met vulvo-vaginitis wat deur peritonitis gekompliseer is.

Een Nieblanke kind is met Coxsackie-virusinfeksie, groep A, opgeneem.

Een Blanke en 4 Nieblankes moes as loseerders opgeneem word. Dit was almal gevalle waar borsbabas betrokke was en geen ander reëlings kon getref word nie.

OBSERVASIEGEVALLE.

Nege-en-twintig (34) Blankes en 87 (53) Nieblankes wat vir observasie opgeneem is, het geblyk nie aan 'n aansteeklike siekte te ly nie. Die meeste van hulle is na ons gestuur as moontlike difterie-, tifoïde- of pulmonêre tuberkulosegevalle.

Nie een van die Blanke-gevalle is oorlede nie. Vyf van die Nieblanke-gevalle is as gevolg van

nie-aansteeklike siektes oorlede.

Verspreiding.

	Pretoria	Ander gebiede
Blankes	11 (2)	18 (13)
Nieblankes	46 (21)	41 (32)

In die volgende tabel word die getal behandelde gevalle en hul rasindeling en verspreiding opgesom:—

o Personal	Blankes				Nieblankes			
	Pro	toria	_	gebiede	Pres	toria		gebiede
	116	1	211111111	- /4 \		24.5	1 111000.	· /a \
Akute anterio-poliomiëlitis	0	(0)	3	(1)	4	(1)	107	(2)
Difterie	8	(28)	14	(5)	29	(42)	107	(64)
Difteriedraers	1	(1)	2	(0)	1	(1)	0	(0)
Tifoïde	5	(3)	1	(10)	33	(33)	40	(40)
Skarlakenkoors	2	(8)	2	(3)	1	(0)	0	(0)
	6	(9)	4	(0)	228	(138)	96	(81)
Pulmonêre tuberkulose	10	(33)	ġ	(24)	66	(115)	32	(45)
Masels		(56)	Ó	(8)	1	(0)	0	(0)
Duitse masels	6		2	· · · · · ·	1.4	N.T. (5	(2)
Kinkhoes	9	(8)	3	(3)	14	(11))	20.5
Pampoentjies	10	(1)	3	(2)	Ü	(0)	0	(0)
Meningitis—alle tipes	1	(3)	2	(2)	I	(2)	I	(3)
Waterpokkies	14	(7)	3	(3)	3	(11)	8	(2)
Geslagsiektes	0	(0)	0	(0)	1	(0)	0	(0)
	13	(8)	3	(5)	18	(23)	0	(1)
Ander opnames	11	(21)	18	(13)	46	(21)	41	(32)
Observasiegevalle	TT	(21)	10	(13)	10	(21)		
TOTAAI	96	(186)	67	(79)	446	(398)	331	(272)

Hoofstuk IV

VENERIESE SIEKTES

L.W.—Vergelykende syfers word tussen hakies verstrek en het betrekking op die tydperk van twaalf maande wat op 1 Januarie 1962 begin en op 31 Desember 1962 eindig.

Die merendeel van die klinieke vir veneriese siektes word in die Kliniekgebou vir Spesiale Siektes op die terrein van die Pretoriase Algemene Hospitaal gehou.

DIENSTE AAN BLANKES.

Daar word vier sessies per week gehou, twee vir vroue en twee vir mans, met inbegrip van 'n

sessie vir mans in die laat namiddag na werksure.

Die personeel, wat ook ander pligte waarneem, bestaan uit 'n Geneeskundige Beampte, 'n Suster en 'n manlike kliniekklerk. Alle sessies vir Blankes word waargeneem deur die Geneeskundige Beampte wat aan die hoof van die Hospitaal vir Aansteeklike Siektes staan.

Die tabel hieronder toon die getal gevalle wat die Kliniek in die loop van die jaar besoek het:-

Discussion	Nuwe gevalle Mans Vroue					en ou tlik oue		
Diagnose	1010	uis	VIC	jue (2)	1410	1113	× 10	()
Seronegatiewe primêre sifilis	0	(2)	0	(0)	0	(11)	O	(0)
Seropositiewe primêre sifilis	1	(5)	0	(0)	16	(31)	0	(0)
Sekondêre sifilis	0	(0)	1	(4)	2	(0)	14	(17)
Tersiêre sifilis	0	(0)	0	(0)	0	(0)	0	(0)
Latente sifilis	0	(2)	5	(11)	0	(9)	8	(27)
Neurosifilis	0	(['] 0)	0	(0)	0	(0)	0	(0)
Aangebore sifilis (onder 1 jaar)	0	(0)	0	(0)	0	(0)	0	(0)
Aangebore sifilis (bo 1 jaar)	0	(0)	0	(0)	0	(0)	0	(0)
TOTALE SIFILISGEVALLE	1	(9)	6	(15)	18	(51)	22	(44)

	Nuwe gevalle				Bywonings — Nuwe en o gevalle gesamentlik			
Diagnose	M	ans	Vro	oue	M	ans	Vr	oue
Gonorree	31	(25)	1	(0)	111	(108)	7	(11)
Ulcus Molle	0	(0)	0	(0)	0	(0)	0	(0)
Vulvovaginitis	0	(0)	0	(0)	0	(0)	0	(0)
Veneriese vratte	1	(2)	0	(0)	1	(5)	0	(0)
Nie-spesifieke uretritis	0	(0)	0	(0)	2	(4)	0	(0)
Nie-veneries	30	(39)	10	(18)	93	(99)	30	(48)
GROOTTOTAAL	63	(75)	17	(33)	225	(267)	59	(103)

DIENSTE AAN NIEBLANKES

Die klinieke vir Nieblankes word by verskeie sentrums gehou. Die hoofklinieke, verreweg die grootste, word, soos reeds verduidelik is, by die Kliniek oor Spesiale Siektes op die terrein van die Pretoriase Algemene Hospitaal gehou. Sessies word ook by die Poliklinieke in Atteridgeville en Mamelodi gehou.

Die Sentrale Kliniek se personeel is dieselfde as dié vir die Blankes behalwe dat dit ook twee

deeltydse Nieblanke helpers en 'n Nieblanke verpleegster insluit.

Die Geneeskundige Beampte wat aan die hoof van die Afsonderingshospitaal staan, neem al vier die sessies by die Sentrale Kliniek waar, terwyl die sessies by die ander sentrums deur die Adjunk-stadsgesondheidshoof waargeneem word. Daar is dus altesaam ses sessies per week vir Nieblankes in Pretoria benewens twee sentrums in die Bantoewoongebiede waar pasiënte hulle elke dag (behalwe Saterdae en Sondae) vir behandeling kan aanmeld. Die sessies duur gemiddeld anderhalfuur, terwyl die vroeë aandsessies by die Sentrale Kliniek twee uur duur.

Die opspoor van kontakgevalle van die Nieblankes wat die Sentrale Kliniek besoek wat hoof-saaklik bedoel is vir huisbediendes wat uit hulle normale gesinskring verwyder is, is dikwels on-moontlik vanweë die toevallige aard van die verhouding, die aantal kere wat gevalle met verskillende persone omgang gehad het, en die moeilikheid wat ondervind word om hoegenaamd 'n adres in die hande te kry. 'n Aansienlike aantal pasiënte reageer egter op ons versoek om die kontakte self ook aan te raai om die klinieke by te woon.

By die Poliklinieke in die Bantoewoongebiede het ons heelwat meer welslae behaal, hoofsaaklik omdat sommige faktore wat in die vorige paragraaf vermeld is, nie in dieselfde mate in hierdie

gebiede aanwesig is nie.

Afwesigheid of die onderbreking van behandeling skep nie 'n groot probleem nie omdat die Bantoe, sodra daar eers met die behandeling 'n begin gemaak is, alte gewillig is om hom aan te meld totdat hy genees is. As hy nie meer opdaag nie, is die oorsaak veelal omstandighede en nie vrye keuse nie.

Die volgende tabelle dui die getal pasiënte aan wat gedurende die verslagjaar die verskillende klinieke besoek het:—

SENTRALE OF HOOFKLINIEK

) Y 11				Bywonings—Nuwe en oi			
		Nuwe	gevalle		ge	evalle ge	esament	lik
Diagnose		lans	V_1	roue		ans		оие
Seronegatiewe primêre sifilis	36	(25)	0	(0)	175	(162)	0	(0)
Seropositiewe primêre sifilis	260	(284)	10			(1,154)		(94)
Sekondêre sifilis	133	(132)	243	(219)	475	(486)	1,136	(1.071)
Tersiêre sifilis	2	(6)	1	(2)	26	(53)	12	(24)
Latente sifilis	136	(128)	131	(210)	729	(787)	341	(417)
Neurosifilis	0	(0)	0	(0)	0	(0)	0	(0)
Aangebore sifilis (onder 1 jaar)	4	(2)	0	(6)	18	(6)	0	(30)
Aangebore sifilis (bo 1 jaar)	İ	(1)	0	(0)	2	(3)	4	(0)
TOTALE SIFILISGEVALLE	572	(578)	385	(455)	2,604 (2,651)	1,544 ((1,636)

	Nuwe gevalle				Bywonings — Nuwe en gevalle gesamentlik				
Diagnose	$-M_0$	ans	Vr	oue	M	ans	V_1	roue	
Gonorree	969	(854)	30	(22)	3,643	(3,791)	97	(68)	
G.Cvulvovaginitis	0	(0)	0	(0)	0	(0)	0	(0)	
Veneriese vratte	32	(22)	6	(6)	138	(94)	28	(21)	
Nie-spesifieke uretritis	0	(0)	0	(0)	0	(15)	0	(0)	
Nie-veneries		(413)	65	(69)	1,066	(1,126)	191	(211)	
GROOTTOTAAL	1,918 ((1,867)	486	(552)	7,451	(7,662)	1,860	(1,936)	

	Mans	Vroue
Getal gevalle wat aan twee of meer veneriese siektes ly		5 (1)
Getal gevalle wat op proef ontslaan is		96 (104)
Getal gevalle wat as volkome genees ontslaan is	862 (826)	97 (84)

POLIKLINIEK MAMELODI

	Nuwe ge	evalle	gevalle ges	Nuwe en ou amentlik		
Diagnose λ	Mans	Vroue	Mans	Vroue		
Seronegatiewe primêre sifilis	2 (0)	2 (0)	3 (6)	8 (2)		
Seropositiewe primêre sifilis	7 (Ì2)	5 (3)	41 (46)	17 (34)		
Sekondêre sifilis	(5)	53 (52)	6 (24)	305 (328)		
Tersière sifilis	(0)	0 (0)	1 (0)	0 (0)		
Latente sifilis	. >	171 (209)	81 (59)	401 (545)		
Aangebore sifilis (onder 1 jaar)	3 3 . (0 (2)	1 (2)	8 (3)		
Aangebore sifilis (bo 1 jaar)		1 (1)	ō (ō)	1 (9)		
Adilgebole simis (bo 1 jaar)						
TOTALE SIFILISGEVALLE 26	(25)	232 (267)	133 (137)	740 (921)		
Gonorree	(22)	1 (4)	88 (94)	2 (32)		
Nie-veneries	3 (2)	24 (21)	25 (2)	62 (60)		
Veneriese vratte0		1 (1)	0 (0)	11 (8)		
GROOTTOTAAL55	(49)	258 (293)	246 (233)	815 (1,021)		

	M	ans	Vro	oue
Getal gevalle wat aan twee of meer veneriese siektes ly	11	(2)		(0)
Getal gevalle wat on proef ontslaan is	1	(3)		(28)
Getal gevalle wat as uiteindelik genees ontslaan is	6	(13)	13	(27)

ATTERIDGEVILLESE POLIKLINIEK

	Nuwe gevalle					nings — evalle ge		
Diagnose	Ma		_	oue		ans	Vroue	
Seronegatiewe primêre sifilis	1	(0)	0	(0)	4	(6)	1	(4)
Seropositiewe primêre sifilis	5	(7)	1	(2)	40	(48)	10	(13)
Sekond.re sifilis	2	(5)	47	(64)	16	(37)	438	(473)
Tersière sifilis	1	(1)	0	(0)	8	(0)	12	(4)
Latente sifilis	10	(9)	210	(245)	82	(122)	651	(525)
Neurosifilis	0	(0)	0	(0)	0	(0)	0	(0)
Aangebore sifilis (onder 1 jaar)	Ō	(3)	Ō	(1)	2	(14)	8	(2)
Aangebore sifilis (bo 1 jaar)	Ö	(0)	Õ	(0)	ō	(0)	3	(1)
- Trangebore simis (bo 1 jaar)		(0)		(0)		(0)		(1)
TOTALE SIFILISGEVALLE	19	(25)	258	(312)	152	(227)	1,123	(1,022)
_								
Gonorree	15	(13)	6	(4)	67	(79)	33	(21)
Veneriese vratte	0	(0)	6 2	(6)	0	(0)	16	(0)
Nie-veneries	3	(1)	6	(6)	12	(2)	30	(25)
INIE-Veneries	<i>J</i>	(1)		(0)	12	(2)		(23)
GROOTTOTAAL	37	(39)	272	(322)	231	(308)	1,202	(1,068)
_								
					Μ	ans	V_2	oue
Getal gevalle wat aan twee of meer veneriese	sielt	es lv				(1)	1	(0)
	Getal gevalle wat op proef ontslaan is						24	(25)
Getal gevalle wat as uiteindelik genees ontsl						(3) (7)	26	(21)
Octal gevalle wat as ulterruche genees offisi	aali 18			• • • • •	. 7	(1)	20	(21)

VOORGEBOORTELIKE SIFILISBEHANDELING.

Alle vroue wat die munisipale klinieke vir voorgeboortelike sorg besoek, word serologies vir sifilis getoets. Normaalweg word diegene wat dit nodig het, aldaar behandel, tensy spesiale omstandighede, hetsy diagnosties of andersins, dit vereis dat hulle na die Kliniek vir Veneriese Siektes moet gaan.

Na die bevalling word die behandeling vir hierdie gevalle en hul babas by die Kliniek vir

Veneriese Siektes voortgesit.

Die volgende tabelle toon die aantal voorgeboortelike gevalle aan wat by die verskillende klinieke teen sifilis behandel is:—

BLANKES.		Ma	ando wan	saudn ga	reliat	
	Maande van swangerskap 1—3, 4—6, 7-					
Getal swangeres wat serologies getoets is Getal wie se reaksies positief of twyfelagtig was Getal wat voorheen (by enige kliniek) behandel is	maa 167 2 0	(172) (5) (1)	208 1 0	(221) (1) (0)	maa 42 0 1	(69) (2) (0)
Getal wat die 1ste reeks behandelings tydens swangerskap ontvang	0	(1)	0	(0)	1	(0)
NIEBLANKES						
ATTERIDGEVILLEKLINIEK Getal swangeres wat serologies getoets is Getal wie se reaksies positief of twyfelagtig was Getal wat voorheen (by enige kliniek) behandel is. Getal wat die 1ste reeks behandelings tydens swangerskap ontvang	335 25 3	(291) (24) (0) (18)	1,559 108 31 69	(1,489) (122) (7) (98)	886 38 11	(691) (70) (1) (54)
KAMPONGKLINIEK: Getal swangeres wat serologies getoets is Getal wie se reaksie positief of twyfelagtig was Getal wat voorheen (by enige kliniek) behandel is. Getal wat die 1ste reeks behandelings tydens swangerskap ontvang	144 10 1	(225) (26) (1) (7)	584 57 6	(791) (108) (18) (52)	228 16 1	(338) (32) (4) (15)
MAMELODIKLINIEK: Getal swangeres wat serologies getoets is Getal wie se reaksie positief of twyfelagtig was Getal wat voorheen (by enige kliniek) behandel is. Getal wat die 1ste reeks behandelings tydens swangerskap ontvang	197 20 12	(202) (26) (2) (15)	1,127 85 66	(976) (84) (42) (70)	400 31 31 22	(508) (40) (16) (20)
Oli my Portornal and a series of the series		(13)	01	(10)		(20)

Hoofstuk V

KINDERSORGWERKSAAMHEDE

Hierdie seksie van die werk behels hoofsaaklik die voorkomende sorg vir die verwagtende moeder en die voorskoolse kinders, asook die voorkoming van liggaamlike, geestelike en emosionele versteuring.

Die werk word verrig deur twee voltydse Geneeskundige Beamptes vir Moeder- en Kindersorg

met die bystand van 4 voltydse kliniese mediese beamptes en twee deeltydse geneeshere.

Daar is 22 betrekkings vir Blanke Gesondheidsbesoeksters in hierdie Afdeling. Twee personeellede het gedurende die jaar bedank en hierdie vakatures kon nie gevul word nie aangesien daar nie genoeg verpleegsters is wat die Gesondheidsbesoekster/Skoolverpleegstersertifikaat besit nie.

Die Nieblanke-personeel het deur die jaar konstant gebly en tel 39, dieselfde getal as verlede jaar. Daar is van die voorsiening wat gedurende die vorige jaar vir die aanstelling van 2 manlike Bantoeklerke gemaak is om in Mamelodi te help, gebruik gemaak. Hierdie klerke doen al die werk in verband met die opstel en liasseer van kaartjies. Dit het aan die opgeleide verpleegsters, wat hierdie werk in die verlede gedoen het, meer tyd verleen om aandag te bestee aan aangeleenthede wat betrekking het op hulle kwalifikasies en aan huisbesoeke.

Die bevolking van Atteridgeville en Saulsville het gedurende die jaar meer gevestig geraak as gedurende die vorige jaar met die gevolg dat ons kliniekbywonings, hoewel nog baie hoog, omtrent

dieselfde as verlede jaar s'n is.

Die syfers vir Saulsville is egter vanjaar baie hoër as toe hierdie kliniek in 1960 geopen is. Hier is egter nie bykomende personeel aangestel nie aangesien dit gebiedend noodsaaklik geword het dat minstens drie bykomende vroedvroue aangestel word.

Soos in die verlede gaan ons voort om Saulsville en Atteridgeville vir administratiewe doeleindes afsonderlik te behandel, hoewel hierdie 2 gebiede in werklikheid as Atteridgeville beskou

word.

Die totale getal huise in hierdie gebied is nou 10,650 vergeleke by 9,776 verlede jaar. Die be-

volking tel 69,116.

Soos in die verlede het die kliniek te Mamelodi eintlik net pasiënte van Mamelodi-Wes bedien. Die bevolking is vanjaar 64,000 vergeleke by 56,858 verlede jaar, en die getal huise het van 8,432 na 9,000 vermeerder.

Die instelling van 'n kliniek vir Mamelodi-Oos is uitgestel in afwagting van onderhandelings

met die Gesondheidsowerhede van die Staat en die Provinsie.

PERSELE.

Geriewe vir Blanke-kliniekdienste is presies dieselfde as verlede jaar. Daar is egter met boubedrywighede by die Blackwood Villa-terrein begin en daar word met verwagting uitgesien na die voltooiing van hierdie perseel.

ALGEMEEN.

Ondersoek na stafilokokinfeksie, wat deur ons Gesondheidsbesoeksters tesame met die Inspekteur van Aansteeklike Siektes en sy personeel onderneem is, was voortgesit. 'n Volledige

verslag hieroor word by die seksie oor Aansteeklike Siektes ingesluit.

Ons was sedert Augustus baie gelukkig om die dienste van 'n opgeleide Dieetkundige van die Departement van Landbou-tegniese Dienste te verkry om bystand by ons voorgeboortelike klinieke te verleen. Sy voer elke week onderhoude by die Sentrale en Hercules-voorgeboortelike Klinieke. Sy verleen bystand aan hulle met die beplanning van 'n goed gebalanseerde dieet en ekonomiese geldbesteding.

In die verlede is opvoeding in verband met voeding deur die Geneeskundige Beamptes by die Klinieke onderneem. Hoewel die Geneeskundige Beamptes baie belang stel hierin, is dit tydrowend en te moeilik wanneer baie pasiënte wag op behandeling. Ons hoop dat hierdie dienste voortgesit

eal word

Ons is nog baie besorg oor die belang van vroegtydige diagnosering van geestessiektes by kinders en beskou dit as 'n kwessie van openbare gesondheid in hoofsaak. Soos egter so dikwels in die verlede berig is, maak die gebrek aan subsidiëring van so 'n betrekking deur die Sentrale Regering die aanstelling van personeel met psigiatriese opleiding onmoontlik. Ons meen dat daar besef moet word dat die voorkoms van geestessiektes in net so 'n groot mate 'n kwessie van openbare gesondheid is as die vermindering van die kindersterftesyfer.

Intussen gaan ons voort om meer aandag aan indiwiduele moeders te bestee ten einde hulle te help om duidelikheid oor hul "verwarde" emosies en gevoelens te verkry. Om hierdie rede gaan ons voort om spesiale sessies een keer per week vir sulke gevalle te hou. Ons is baie dankbaar oor die hulp wat ons van die Kinderleidingkliniek van die Universiteit van Pretoria en die Algemene

Hospitaal ontvang.

Die plaaslike Vereniging vir Geestesgesondheid is ook altyd bereid om met daardie moeders met emosionele versteurings gedurende swangerskap wat hulp nodig het, behulpsaam te wees.

DIE STAATSKEMA VIR DIE TOEDIENING VAN AFGEROOMDE MELK

Daar is verlede jaar volledig oor die ontwikkeling van hierdie skema in Pretoria verslag gedoen. Die vordering is nog steeds baie bevredigend in die gebiede waar ons daarmee begin het, nl. Hercules, Saulsville en Atteridgeville en in die loop van vanjaar het ons ook Mamelodi ingesluit. Tot dusver was dit nie nodig om bykomende personeel in diens te neem om met hierdie skema behulpsaam te wees nie.

BLANKEKLINIEKDIENSTE

HUISBESOEKE DE	EUR GESC	NDHEIDSBESOEKSTERS.	(Syfers vir 196	2 tussen hakies.)
----------------	----------	---------------------	-----------------	-------------------

	Eerste besoeke	Daaropvolgende	Getal siek kinders	Totale getal
		besoeke	besoek	besoeke
1963	3,879 (3,956)	4,222 (3,681)	1,121 (1,092)	9,322 (8,876)

BESONDERHEDE VAN KLINIEKBYWONINGS. (Syfers vir 1962 in hakies.)

	Eerste bywoning		g Herbywoning	Deur genees- heer ondersoel	
0 1/D: 1)	11	(22)	692 (740)		
Sentraal (Dinsdag)	11	(23)	683 (740)	652	(770)
Sentraal (Woensdag)	157	(147)	815 (1,101)		
Sentraal (Vrydag)	151	(160)	866 (1,004)		
Bloedstraat	64	(82)	593 (833)	552	(400)
Weseinde	155	(148)	1,943 (1,678)	553	(490)
Proclamation Hill	27	(59)	473 (858)	48	(64)
Yskor	52	(54)	483 (511)		
Gezina	40	(39)	400 (452)	4.4 00	(402)
Villieria (Woensdag)	143	(133)	1,541 (1,738)	445	(493)
Villieria (Donderdag)	62	(89)	735 (925)		
Wonderboomsuid	55	(59)	407 (470)		
Mayville	90	(74)	583 (495)		
Capital Park	97	(69)	587 (614)		
Hatfield	37	(41)	594 (501)		
Nieu-Muckleneuk	78	(87)	898 (1,035)		
Sunnyside (Dinsdag)	149	(152)	1,563 (1,824)		
Sunnyside (Woensdag)	122	(116)	1,371 (1,560)	0.1	(0.1)
Riviera	66	(61)	773 (764)	84	(91)
Salvokop	17	(13)	377 (495)	.==	(4==)
Danville	98	(87)	1,234 (934)	477	(479)
Weermagterrein	4	(13)	246 (382)		
Arcadia	102	(101)	1,107 (919)		
Tentoonstellingsterrein	21	(19)	302 (376)		
Hercules	202	(210)	2,703 (3,899)	1,190	(1,367)
Booysens	59	(56)	553 (783)		
Mountain View	111	(146)	1,402 (1,700)		
Pretoria Gardens	94	(99)	1,439 (1,104)		
Rietfontein-Noord	40	(39)	310 (388)		
Voortrekkerweg	33	(39)	236 (199)		
Pierneefstraat	74	(62)	619 (714)		
Brooklyn	918	(987)			

Hierdie syfers toon weinig verandering in vergelyking met dié vir verlede jaar.

BYWONINGS VAN VOORGEBOORTELIKE KLINIEKE.

(Syfers vir 1962 tussen hakies	s.)			
	Sentraal	Danville	Hercules	Totaal
Getal nuwe gevalle	241 (234)	63 (62)	143 (166)	447 (462)
Totale bywonings	1,184 (1,296)	436 (391)	1,034 (1,137)	2,654 (2,826)

Die totale bywonings hier is min of meer dieselfde as verlede jaar. Die ontspanningsoefeninge is steeds gewild en pasiënte kom herhaaldelik getuig van die voordeel wat hulle daaruit getrek het.

TANDKLINIEK.

(Syfer vir 1962 tussen hakies.)		
Getal gevalle wat die Tandkliniek bygewoon het	26	(26)

Dit is baie moeilik om 'n verandering aan te bring aan die vooroordeel van Blankes om die Tandkliniek tydens swangerskap by te woon. Die lae bywoning van die Tandkliniek is baie ontmoedigend, veral aangesien diegene wat daarheen verwys is, tandheelkundige behandeling baie nodig gehad het.

IMMUNISERINGSKLINIEK.

(Syfers vir 1962 tussen hakies.)		
Getal gevalle ten volle teen difterie geïmmuniseer	2,899	(2.427)
Getal gevalle ten volle teen kinkhoes geïmmuniseer	2,289	(1,953)

Net soos verlede jaar, is die verdere toename vanjaar bemoedigend, veral aangesien daar nie 'n epidemie was om die bywoningsyfer op te stoot nie.

POLIOMIELITIS.

Besonderhede oor die immunisering teen poliomiëlitis verskyn elders in hierdie verslag.

KRAAMTOESIG.

(Syfers vir 1962 tussen hakies).		
Getal kraamtasse geïnspekteer	122	(56)
Getal besoeke aan vroedvroue		(46)
Getal besoeke aan vroedvrougevalle	4	<u>(—)</u>
Getal besoeke aan kraaminrigtings	68	(79)

Toesig oor vroedvroue, wat deur die Inspektrise van Vroedvroue waargeneem word, sluit in toesig oor private vroedvroue, Blankes sowel as Nieblankes, private kraaminrigtings, waarvan daar 4 is, twee vir Blankes en twee vir Nieblankes, en Munisipale Nieblanke Vroedvroue.

TEHUISE VIR BEJAARDES.

(Syfers vir 1962 tussen hakies.)		
Getal tehuise vir bejaardes	10	
Getal besoeke aan tehuise vir bejaardes	46	(49)

Die Inspektrise van Vroedvroue onderneem ook inspeksies van hierdie tehuise in samewerking met die Gesondheidsinspekteerpersoneel. Die gebrek aan toereikende wetgewing, veral met betrekking tot die talle tehuise in private besit, verg spesiale aandag en ondersoek. Die inrigtings wat deur liefdadigheidsorganisasie bestuur word, is bevredigend en goed en uitstekende samewerking is tussen hulle en hierdie Afdeling bewerkstellig.

KLEUTERSKOLE.

Twee kleuterskole en een crèche is gereeld deur 'n Geneeskundige Beampte besoek terwyl 'n Gesondheidsbesoekster vir toesighouding verantwoordelik was.

STATISTIEKE TEN OPSIGTE VAN NIEBLANKES

Kliniekdienste vir Nieblankes is in Atteridgeville, by die Kampong, Saulsville en in Mamelodi aangebied.

Die ondersoek na stafilokokinfeksie onder Nieblankes is op dieselfde wyse as onder Blankes

onderneem en daar word onder "Aansteeklike Siektes" hieroor verslag gedoen.
Ondersoeke na doodgeboortes en die sterfte onder kinders wat jonger as 5 jaar is, is tans nog baie moeilik. Dit gebeur nog dat baie gevalle van doodgeboortes en sterftes tot soveel as 'n jaar nadat dit voorgekom het, onder ons aandag gebring word en ons kan dikwels nie die betrokke gesin opspoor om besonderhede te verkry nie.

HUISBESOEKE.

(Syfers vir 1962 tussen hakies.)

	Bantoes	Kampong Asiate	Kleurlinge	Atteridgeville Bantoes	Saulsville Bantoes	Mamelodi Bantoes
Eerste besoeke aan pasgeborenes Daaropvolgende besoeke	— (—) — (—)	141 (147) 876 (981)	66 (93) 663 (1062)	977 (933) 3270 (3066)	857 (855) 772 (893)	2016 (1290) 511 (448)
Besoeke aan siek kinders	— (—) — (—)	89 (134) 92 (114)	18 (27) 18 (26)	2 (4) 1 (1)	10 (1) 7 (—)	$\frac{-}{1}$ (1)

Huisbesoeke met betrekking tot Asiate en Kleurlinge is min of meer dieselfde as verlede jaar nieteenstaande die verhuising van 'n gedeelte van die bevolking na Laudium en Eersterust.

BYWONING VAN KINDERSORGKLINIEKE

(Syfers vir 1962 tussen hakies.)

		Kampong		Atteridgeville	Saulsville	Mamelodi
	Bantoes	Asiate	Kleurlinge	Bantoes	Bantoes	Bantoes
Eerste bywonings	309 (316)	191 (180)	97 (112)	1131 (1502)	2101 (2250)	2766 (2562)
Herhaalde bywonings	2110 (1778)	2898 (2435)	2209 (2583)	17757	24002	27671
Hermande by wonings	2220 (2110)		,	(24519)	(23733)	
Deur geneesheer ondersoek	760 (800)	1174 (1057)	685 (809)		8683 (7916)	8945 (8172)

Min verandering word in hierdie syfers aangetoon. Soos voorheen gesê is, is dit waarskynlik toe te skryf aan die feit dat die bevolking in hierdie gebiede bestendiger geword het.

VOORGEBOORTELIKE KLINIEKE.

(Syfers vir 1962 tussen hakies.)

	Kampong		Atteridgeville	Saulsville	Mamelodi
	Bantoes	Kleurlinge en Asiate	Bantoes	Bantoes	Bantoes
Getal nuwe gevalle wat hul by kliniek aange-					
meld het	771 (1,070) 2,609 (4,090)	237 (175) 1,740, (1561)		1,590 (1,786) 8,076 (8,435)	
Cetal cyttellinger.	2,007 (1,070)	2,1 10, (2002)	1,100 (0,002)	0,010 (0,100)),000 () ,2 (0)

Min verandering word in hierdie syfers aangetoon.

BEVALLINGS DEUR VROEDVROUE WAARGENEEM.

(Syfers vir 1962 tussen hakies).

Atteridgeville	Saulsville	Mamelodi	
287 (338)	228 (196)	109 (157)	

IMMUNISERING.

(Syfers vir 1962 tussen hakies.)		
Getal gevalle teen difterie geïmmuniseer	2,652	(2,224)
Getal gevalle teen kinkhoes geïmmuniseer	2,342	(2,051)

Daar is 'n gestadige toename in die getal bywonings hier, en dit is bemoedigend.

PRETORIASE KLEUTERSKOLE

Daar is tans 21 kleuterskole in Pretoria, waarvan 10 by die Pretoriase Kleuterskoolvereniging geaffiilieer is. Verteenwoordigers van skole wat nie geaffiilieer is nie, het die uitnodiging aanvaar en die Raad se jaarvergadering wat gedurende Julie 1963 gehou is, bygewoon. Hulle teenwoordigheid sowel as dié van 'n aantal verteenwoordigers van liggame wat onderwys-, gesondheids-, en maatskaplike dienste lewer, is hoog op prys gestel.

Verteenwoordigers is na 'n komitee gestuur wat saamgestel is uit 'n aantal belanghebbende persone wat hulle beywer om van die Transvaalse Provinsiale Raad meer steun te werf in verband

met die betaling van die salarisse van kleuterskoolpersoneel.

Die Pretoriase Stadsraad bied ruim hulp aan kleuterskole binne sy gebied en die munisipale Gesondheidsafdeling bied ook die dienste van sy mediese beamptes en distriksgesondheidsbesoeksters aan.

Kleuterskole stel hulle ten doel om 'n omgewing te verskaf waarin die kind onder die leiding

van spesiaal opgeleide onderwysers ten volle en so gelukkig moontlik kan ontwikkel.

Gesondheidsorg vorm 'n basiese onderdeel van die kleuterskoolprogram. Voedsame voedsel, geno egsame rus sowel as ruimte en geleentheid vir oefening in spel word verskaf. Daar word 'n hoë standaard gehandhaaf in hierdie kleuterskole wat jaarliks deur beamptes van die Transvaalse Onderwysdepartement geïnspekteer word.

Hoofstuk VI

PRETORIASE TANDKLINIEKE

1. Die Pretoriase Tandkliniek word bestuur deur 'n Beheerraad bestaande uit verteenwoordigers van die Stadsraad, die Transvaalse Provinsiale Administrasie, die Noord-Transvaalse tak van die Tandheelkundige Vereniging van Suid-Afrika en die Staatsdepartement van Gesondheid.

HULPTOEKENNINGS.

Die toekenning van die Afdeling Hospitaaldienste is tot R27,920 per jaar verhoog. Die Stadsraad van Pretoria se toekenning is R7,800 en die Staatsdepartement van Gesondheid dra R6,200 by.

Die Kliniek gaan voort met sy skooldienste.

Die Kliniek se verslag oor die getal uittrekkings en stopsels is nog nie beskikbaar nie maar sal in die volgende verslag vervat word.

Hoofstuk VII

GENEESKUNDIGE ONDERSOEKE

'n Totaal van 1,009 sulke geneeskundige ondersoeke is deur Geneeskundige Beamptes in die Gesondheidsafdeling uitgevoer. Hierdie syfer omvat die geneeskundige ondersoeke van persone wat tot die munisipale diens toegetree het en spesiale geneeskundige ondersoeke kragtens die Ongevallewet of vir Pensioenfonds- of ander doeleindes.

Hoofstuk VIII

PRETORIASE SLAGPLAASWERKSAAMHEDE

PERSONEEL.

Die personeelstaat by die Slagplaas is soos volg:— Bestuurder: Dr. W. J. Wheeler. Hoofklerk: Mnr. A. G. B. Pattison. Tikster: Mej. J. H. J. Meyer.

Toesighoudende Vleisinspekteur: Mnr. T. J. v.d. Heever.

Senior Vleisinspekteur: Mnr. C. J. Smith.

Vleisinspekteurs: Sewe.

Superintendent, Neweprodukte en Verkoelingsinstallasie: Een.

Monteur-draaibankwerker: Een. Werkwinkel-assistent: Een.

Senior masjien- en stoomketelbedieners: Vier.

Masjien- en stoomketelbedieners: Drie.

Werfvoorman: Een.

Werkplaas-assistente: Twee. Skoonmaker/Nasieners: Drie.

Skoonmakers: Drie. Totaal. Blankes: 31. Nieblankes: 47.

Dit is aangenaam om te vermeld dat dit makliker was om vakatures vir vleisinspekteurs te vul, met die gevolg dat dit selde nodig was om die personeel van die Gesondheidsafdeling te vra om by die Slagplaas te kom aflos.

VEEVOORRADE.

Ten spyte van die droogte wat gedurende die grootste gedeelte van die jaar geheers het, het daar

voldoende vee van geskikte gehalte aangekom.

Gedurende verskeie tydperke was daar 'n oormatige toevoer van vee sodat hulle soms in trokke moes oorstaan ten spyte van oortydslagting. Hierdie toedrag van sake skep groot verleentheid aangesien dit ons oorlaaide geriewe nog verder belas en aanleiding gee tot 'n aantal ongewenste toestande. Dit is egter klaarblyklik die beleid van die Vleisbeheerraad om toe te laat dat die aanvraag die toevoer bepaal.

Die voorraad pluimvee na die mark en die slagplaas is steeds wisselvallig; daar is 'n neiging tot

oorlading gedurende vakansietye.

Die pluimveeslagplaas dien hoofsaaklik as 'n sentrum vir Kosher-slagting.

SLAGTING.

Ofskoon daar nie verbeterings aan die fasiliteite aangebring is nie, het die getal diere wat geslag is, veral beeste, vermeerder om te voorsien in die toenemende behoeftes van Pretoria.

Verhoogde slagting kan slegs bewerkstellig word deur oortyd te slag, terwyl beeste en skape op verskillende tye geslag word.

NUWE SLAGPLAAS.

Die verslag van die Kommissie van Ondersoek insake Slagplaas- en Verwante Geriewe is nog nie beskikbaar nie maar dit sal hopelik gedurende die eerste helfte van 1964 verskyn. Inmiddels word geen verdere stappe gedoen met betrekking tot die oprigting van 'n nuwe slagplaas nie.

VERBETERINGS AAN SLAGPLAAS.

Samesprekings met die Vleisbeheerraad is voortgesit en 'n opname is gemaak van die noodsaaklikste verbeterings om die slagplaas vir die volgende 10 jaar te laat funksioneer. Daar word gehoop om besonderhede vroeg in 1964 af te handel en om so gou moontlik met die verbeterings, wat sowat R200,000 sal beloop, te begin. Die beoogde verbeterings het hoofsaaklik die gelyktydige slagting van skape en beeste, die vergroting van hangsaalruimte en die verbetering van koelkamerfasiliteite ten doel.

NEWEPRODUKTE.

Die tonnemaat wat vervaardig is, is ietwat hoër weens die verhoogde slagting. Die verkoop van die produkte het weer eens per tender geskied. 'n Gedeelte van die karkas- en bloedmeel is per tender verkoop en die prys wat verkry is, is op die hele produksie van toepassing gemaak. Die pryse wat behaal is, was hoër as dié van die vorige jaar. Die fabriek is egter geensins ideaal nie en produkte van 'n hoë gehalte word nie maklik verkry nie.

SIEKTES AANGETREF.

Dié siektes volg hoofsaaklik die patroon van die vorige jaar. Masels in beeste en varke kom nog in 'n skrikwekkende mate voor. Die skerp styging in die voorkoms van masels in varke is waarskynlik daaraan toe te skryf dat spekuleerders diere aanstuur wat ooglopend besmet is nadat vee-agente 'n versekeringskema om afkeurings te dek, aangekondig het. Kneusing en verwonding van beeste is nog die rede dat baie vleis afgekeur word ten spyte van die plasing van 'n premie op onthoringde beeste deur die Vleisbeheerraad. Die meeste vrektes in die krale en afkeurings van skape word deur reisbedwelming veroorsaak terwyl kaasagtige limfklierontsteking baie algemeen by merinoskape voorkom.

Die meeste skaaplewers word afgekeur weens besmetting met die lintwurm Stilesia Hepatica,

terwyl beeslewers deur die lewerbot aangetas word.

Dit wil voorkom asof baie boere daarin slaag om die voorkoms van Besnoitiose (Olifanthuidsiekte) te verminder aangesien dit in 'n afnemende mate voorkom.

Tuberkulose word nog plek-plek in vee aangetref, met hoofsaaklik gelokaliseerde longletsels by

beeste en gelokaliseerde keelletsels by varke.

Gelukkig het geeneen van die kwaai epidemiese siektes in die loop van die jaar voorgekom nie. In die geval van pluimvee kom hoofsaaklik kwaadaardige gewasse en peritonitis voor.

KOELKAMERFASILITEITE.

Aangesien die bevriesingsgeriewe by die slagplaas nog onvoldoende is om al die maselagtige karkasse te behandel, is toesig deur die Toesighoudende Vleisinspekteur oor karkasse wat by private koelkamers behandel word, steeds noodsaaklik.

ALGEMEEN.

Lesings is aan 'n groep mediese en veeartsenystudente vir die Diploma in Openbare Gesond-

heid en aan twee groepe vleisinspeksiestudente gegee.
Sekere varkkarkasse word nog spesiaal vir die Universiteitsproefplaas ondersoek en monsters word van tyd tot tyd vir verskeie inrigtings versamel.

JAARVERSLAG VIR DIE TYDPERK 1 JANUARIE TOT 31 DESEMBER 1963.

DIERE GESLAG

Bulle Koeie Osse.	1961	1962	1963
	792	1,324	1,633
	15,089	20,252	33,083
	73,025	67,921	63,210
Totaal beeste	88,906	89,497	97,926
Kalwers Skape Bokke. Varke.	5,058	5,770	5,513
	216,173	221,760	217,686
	236	675	614
	32,934	33,731	37,198
Totaal	343,307	351,433	358,937

TOENAME VAN 15,630 DIERE SEDERT 1961. (VYF JAAR) TOENAME VAN 108,898 DIERE SEDERT 1958.

EKWINES

Donkies. Perde. Muile.	1962 299 795 18	1963 92 807 18
	1,112	0,917
PLUIMVEE	1062	1062

	1962	1963
Hoenders	22,872	21,406
Eende	4,284	3,455
Duiwe	14	
Kalkoene	1,620	1,503
Ganse	255	155
Kuikens	1,413	765
Konyne	52	44
-	R30,510	27,328

AFGEKEURDE BEES-, SKAAP-, VARK-, EN KALFKARKASSE EN -ORGANE

	Beeste	Kalwers	Skape en	Varke
Karkasse Koppe Harte Binnegoed Niere Lewers Longe Hartslag Kwarte Milte Sterte Tonge	2,481 1,077 1,443 1,757 2,229 17,176 5,405 2,665 296 1,736 825 1,070	Kalwers 1,221	bokke 222 — — 158,327 81,577 6,232 17,956 — — — —	Varke 1,357 82 83 1,687 42 60
Afval	1,858		53	
Uiers Ingewande	10,884 2,533		18	_
	•	ELIDINGS		

TOTALE AFKEURINGS

2022	1962	1963
Beeste	2.674%	2.609%
Skape	2.89%	.105%
Skape	5 805 0/	22 1480/
Kalwers	2.5640/	2 7270/
Varke	2.564%	3.131%

SISTISERKOSE (MASELS).

1962

BeesteVarke		Totaal afgekeur 1,676 of 1.872% 659 of 1.954%	kamer behandel 6,613 of 7.389% 85 of 0.251%
BeesteVarke	10,070 of 10.283% 1,330 of 3.575%	1963 1,916 of 1.957% 1,225 of 3.293%	8,154 of 8.342% 105 of 0.283%

ORGANE VAN KARKASSE WAT MET SISTISERKOSE BESMET WAS EN IN MUNI-SIPALE SLAGPLAASKOELKAMER BEHANDEL IS

Lewers Harte Sterte Tonge Koppe 7,942 5,207 7,941 7,948 7,833

VOORKOMS VAN TUBERKULOSE

		1962	
			Getal ge-
	Getal aangetas	Getal algemeen	lokaliseer
Beeste	108 of 0.120%	35 of 0.039%	73 of 0.081%
Varke	126 of 0.373%	58 of 0.171%	68 of 0.202 %
Kalwers	4 of 0.069%	4 of 0.069%	
	, -	1963	
Beeste	122 of 0.126%	19 of 0.019%	103 of 0.105%
Varke	119 of 0.320%	46 of 0.124%	73 of 0.196%
Kalwers			

INGEVOERDE VLEIS WAT IN KOELKAS BY MUNISIPALE SLAGPLAAS BEHANDEL IS

25 Beeskarkasse.

14 Harte.

3 Koppe.

15 Tonge.

13 Sterte.

13 Lewers.

13 Longe.

INGEVOERDE VLEIS WAT IN ANDER KOELKAMERS AS MUNISIPALE SLAG-PLAAS BEHANDEL IS. (MASELS)

-Varkkarkasse.

143 Beeskarkasse.

116 Harte. 117 Tonge.

91 Lewers.

5 Sterte.

TOTALE AANTAL MASELAGTIGE KARKASSE EN ORGANE WAT IN ANDER KOEL-KAMERS AS MUNISIPALE SLAGPLAAS BEHANDEL IS

1 Varkkarkas.

4302 Beeskarkasse.

7948 Tonge.

TOTALE AANTAL MASELAGTIGE KARKASSE WAT IN KOELKAMERS BY DIE MUNISIPALE SLAGPLAAS BEHANDEL IS

3851 Beeskarkasse.

3 Kalfkarkasse.

104 Varkkarkasse.

INSPEKSIES BY KOELKAMERS (MASELAGTIGE KARKASSE)

Inspeksies uitgevoer	581
Oortredings waarmee gehandel is	19
Aanmanings	17
Kennisgewings beteken	14
Remissewings beteken	7.

TOTALE GETAL	BLOEDSMER	E WAT	ONDERSOE	K IS	
Totale getal diere wat in trokke en kr Totale getal diere wat van buite gebri	rale gevrek het ng is om vernie	tig te word		• • • • • • • • •	187 geen.
Totaal			• • • • • • • • • •	• • • • • • • •	187
Getal bloedsmere wat ondersoek is:	Beeste Skape Varke			18 129 40 187	
EKWI	INES AFGEK	EUR. 2 P	erde.		
C	GESLAGTE EI	KWINES			
	Donkies 92	Muile 18	Perde 807		

AFGEKEURDE PLUIMVEE

Hoenders Eende Kalkoene 143 4 7

SIEKTES WAAROM PLUIMVEE AFGEKEUR IS

	Hoenders	Eende	Kalkoene
Peritonitis	11	_	
Gangreen	10	_	
Kwaadaardige gewasse	53	2	3
Dermontsteking	11		
Blase	1	An amount	
Absesse	15		1
Dood in hokke	42	2	3
2004			_
Totale aantal afgekeur	143	4	7

VERKOOPTE NEWEPRODUKTE VIR DIE JAAR GEEINDIG 31/12/1963.

	Ton	Lb.
Karkasmeel	535	837
Bloedmeel	351	1,050
Vere	_	985
· •		11,776
Varkhare	230	1.802
Vet	230	1,000

SIEKTES WAAROM KARKASSE ENS. AFGEKEUR IS.

	Perde					,	<u> </u>]]	1	1	1	*		1		1		1		l									- 1	1	
Aangetaste dele	Varke			1	1] ;	58 kwt.	1	1	l	1	ı	1	1	1	1	1	!	1-	1 KOP	1 C	7		I	J	I	1	I	73	2		
.Karkasse	>	L.	45] ;	18		<u> </u>	36	'	~ ·	1,225	ı	1	1	1	1		-	7 1	01	، ا	7	۲ ا	7	1 -	- -1	1	C	46	2	-	
Aangetaste	Bokke			1					1	1	1	1	1	1	1	1		1	1		1	1	J	1	1	!			1			
Karkasse	Во		^	angetas)		1	1]	1		1	1	1		1	1	1	1	1]	1	1		1	I	1	1				
Aangetaste dele	ıpe			413 kwt. (9,023 aangetas)	1	1	6 kwt.	2 kwt.	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	İ	1	1			1	1	1	1	1.	2 KWT.]		
Karkasse	Skape				28	1	ıΩ	9	1	22	1	1	2	1		1		13	84	1	1	1	1	1];	11	1	1		J		
Aangetaste dele	vers		1	1	1		1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1	İ		
Karkasse	Kalwers		1	1	101	1	3	ſΩ	254		2		1	1	1	1	1:	30	1	13	154	1	1	1	5	1	Ω I	2	1	I		
Aangetaste dele	ste		852 lb.	J	Coloniana	42 kwt.	44 kwt.	74 kwt.		1	1	1	106 kwt.	1 kwt.	1	1	4 kwt.	1	13	19 kwt.	1	1	1	2 kwt.	1	1	1	1	5 kwt.	103	1	
Karkasse	Beeste		92		36	20	195	96	1	4	1,916	 4	51	2		~		1	14	6	1,	5.5	31	$2\overline{1}$	2	10	1	2	ω <u>ξ</u>	19	99	
	Siektes		Kneusing (lb.)	Kassarida limfklierontsteking.	Vermaering	Findsiem	I liturendige kneusing	Gangreen	Ontviheid	(Tee Sild	Masels	Errerise bloedvergiftiging	Etterbesmetting	Karsinoom	Vertraagde bloeding	Watergeswel	Septiese borsvliesontsteking	Entiritis	Ontbinding	Veelvoudige absesse	Nawelkwaal	Buikvliesontsteking	Bors- en buikvliesontsteking	Sarkosporidiose	Rooiwater	Septiese metritis	Septiese nierontsteking	Septiese pneumonie	Borsvliesontsteking	l uberkulose	Globidiose	

Hoofstuk IX

OPGAWE VAN GESONDHEIDSINSPEKTEURS SE WERK

Die standaard van die omgewingshigiëne het bevredigend gebly ten spyte van uiters snelle uitbreiding op nywerheids-, handels-, wonings- en onderwysgebied in die stad in die afgelope tyd. Baie bevredigende vooruitgang is gemaak met die opruiming van slumgebiede en die bewoning van ongeskikte buitegeboue is tot die minimum beperk.

Uitstekende vooruitgang is gemaak met die hervestiging van Bantoes van die Lady Selbornegebied en gedeeltes van Claremont en met die sloping van die ontruimde wonings in hierdie gebiede. Dieselfde geld nie vir die Asiatebuurt en Kleurlinglokasie nie, wat slegs beskrywe kan word as oorbewoonde slumgebiede. Sommige lede van die Indiër- en Kleurlinggemeenskap is onderskeidelik in die Laudium- en Eersterustdorpsgebied hervestig maar dit het min daartoe bygedra om toestande in die Asiatebuurt en Kleurlinglokasie te verlig. Vanuit 'n gesondheidsoogpunt is dit dringend noodsaaklik dat die inwoners hervestig en die gebiede ontruim en herontwikkel word.

Soos gewoonlik is daar streng gelet op die higiëniese hantering, voorbereiding en verspreiding van eetware, en die higiëniese toestand van die perseel en voertuie wat in die voedselbedryf gebruik word. Daar is gereeld monsters van alle watervoorrade en verskeie eetware geneem en toepaslike stappe is gedoen in gevalle waar sodanige monsters nie aan die vereiste standaard voldoen het nie.

Roetine-inspeksies van alle soorte persele is in die loop van die jaar uitgevoer, met inbegrip van dié waarvoor lisensies van die een of ander soort uitgeneem is. Die vereiste standaarde was oor die algemeen hoog en in baie gevalle het aanvraers in die beplanningstadium van nuwe ondernemings om hulp en raad gevra. Hierdie soort samewerking neem toe tot die voordeel van sowel die aanvraer as die Afdeling. Voorgestelde planne is dikwels grondig gewysig hoofsaaklik om aan ons vereistes, veral ten opsigte van soorte toerusting en uitleg, te voldoen. Dit was ook nodig ten einde die insluiting van onooglike knaagdierwering in bouplanne te voorkom.

Gedurende die jaar was die stad besonder vry van enige grootskaalse insekbesmetting. Af en toe is klagtes oor vlieë, muskiete of kakkerlakke ontvang. Onmiddellike ondersoek en, waar nodig, intensiewe opnames in elke geval, het meegehelp om die broeiplekke op te spoor.

Die riolering van die Herculesgebied het snel gevorder en wanneer dit voltooi is, sal baie van die huidige probleme met betrekking tot grondbesoedeling en vuilwaterafvoer uitgeskakel word. Dié moderne diens sal die gebied vanuit 'n gesondheidsoogpunt en in die algemeen verbeter.

Die Bantoedorpe Mamelodi en Mamelodi-oos het die emmerdiens en die enkele suigtenks wat daar bestaan, heeltemal ontgroei. Die riolering van die gebiede in die geheel, is egter ten volle beplan maar daar is nog nie 'n begin gemaak met die uitvoering van die skema nie. 'n Vroeë begin word by die dag gebiedender,

OPSOMMING VAN INSPEKSIES DEUR GESONDHEIDSINSPEKTORAAT.

Hier volg 'n opsomming van die inspeksies deur die Distriksgesondheidsinspekteurs in die Slum- en Behuising-, Aansteeklike Siekte-, Voedsel-, Plaagbeheer- en Nieblankegebiedseksies gedurende die jaar. (Syfers vir vorige jaar tussen hakies).

Totale getal inspeksies	112,728	(106,054)
Oorlaste waarmee gehandel is	35,285	(34,173)
Oorlaste waarmee genander is	30,665	(32,267)
Oorlaste verwyder		(32,207)
Klagtes waarmee gehandel is	3,583	
Licensie-aansoeke waarmee gehandel is	5,245	(5,034)
Monsters geneem van water (bakteriologies en skei-		
Wionsters geneem van water (bastoories-8-1-1	420	(303)
kundig)	629	(530)
Monsters geneem van eetware (melk uitgesluit)		1
Navraagbesoeke insake aansteeklike siektes	3,319	(2,648)
11412446		

Aangeleenthede na ander Afdelings of Afdelingshoofde verwys.

Stadsingenieur	242
Stadsingenieur.	68
Afdeling Nieblankesake	44
Lisensiehoof	47
Direkteur van Parke en Ontspanning	41
Stadselektrisiteitsingenieur	41
Varlagehoof	10
Hoof behuisingsbestuurder	19

VERVOLGINGS

Hier volg 'n ontleding van die vervolgings wat die Afdeling gedurende 1963 ingestel het en die resultate daarvan:—

Aard van oortreding	Totale getal ver- volgings	Getal skuldig bevind	Getal on- skuldig bevind	Getal terug- getrek	Boetes
Bakkeryprodukte wat nie gedurende aflewering toegehou	_	_			
word nie	7	7		_	R22-00
Insektebesmetting	1	1	_	_	R10-00
Versuim om bouerslatrines te verskaf	13	13	_	_	R150-00
Versuim om te voldoen aan kennisgewing (klousule betref-	. ~	4.0			
fende oorlas)	47	43	_	4	R387-00
Versuim om perseel in goeie strukturele toestand te hou	2	_			
(Slumsregulasies)	9	5	_	4	R43-00
Kokery in slaapkamers	2	2	_	_	R4-00
Bewoning van buitegeboue	4	_	2	2	
Invoer van melk sonder permit	1	1	_	_	R10-00
Water by melk gevoeg	8	8	_	_	R75-00
Versuim om muskietuitbroeiing te bekamp	1	7	-	1	
Onhigiëniese toestande in losieshuis	1	1		_	R5-00
Oorbewoning in woning	1	1		_	R5-00
Sigbare vuil in melk	2	2	_	_	R20-00
Vleis in oop voertuig vervoer	1	1	_	_	R4-00
Onhigiëniese toestand van bakkery	2	1	-	1	R20-00
Oormatige preserveermiddels in boerewors	1	1		_	R5-00
Verkoop van boerewors wat te min stikstof bevat (proteïne-					
of vleisinhoud)	l l	1		_	R5-00
Versuim om vlieëuitbroeiing te bekamp	1	1			R2-00
TOTAAL	103	89	2	12	R767-00

VERVOLGINGS TERUGGETREK

Beskuldigde het alle vereistes nagekom voordat saak verhoor is	8
Verkeerde persoon aangekla	2
Swak gesondheid van beskuldigde en stappe gedoen om saak in die reine te	
bring	2
	12

Gelisensieerde persele.

Hier volg 'n lys van persele en die aantal van elkeen wat gedurende die jaar gelisensieer is. Hierdie persele is almal met gereelde tussenpose geïnspekteer en daar is paslik opgetree om, waar nodig, enige onbevredigende toestande reg te stel.

3e officeviedigeride toestande reg te ster.		
	Blankes	Nieblanke
Bakkers en banketbakkers (insluitende depots)	35 7	2
Bioskoopteekamers	3	
Losieshuise	203	******
Steenbakkers	1	
Slagters	164	49
Skoenmakers	50	32 43
Fietshandelaars	74 99	19
Droogskoonmaak-ontvangdepots	94	20
Velhandelaars	ĺ	
Visbakkers (groot- en kleinhandel)	5	
Vishandelaars	54	2
Fumigeerders en ontsmetters	3	
Haarkappers	179	19
Marskramers en venters	87	242
Roomysvervoordigers	30 3	
Roomysverkopers	176	4
Wasserye en droogskoonmakers	45	4 5
Markstalletjies	13	39
Melkprodusente	425	
Melkwinkels	240	29
Meulenaars	4	
Koeldrankhandelaars	185	32
KoeldrankvervaardigersBantoe-eethuise	5	1 32
Danioc-cuiuise,,,,,,,,,,,,,,,,,,,,,,,,,,,,,,,,,,	0	32

Pandjieshouers	1	
Pluimveehandelaars	51	
Lewensmiddelehandelaars	71 777	258
Lewensmiddelefabrieke	111	258
Openbare sale en vermaaklikheidsplekke	10	2
Klipgroewe	24	1
Restaurante en teekamers	226	
Handelagre in tweedchandes goodens	326	91
Handelaars in tweedehandse goedere.	80	4
Leerlooierye	1	
Teaters (een inryteater inbegrepe).	13	3
Turkse baddens	1	
Begrafnisondernemers	5	3
noutsaers	4	******
Werkwinkels	267	6

Bouplanne.

Die ondergemelde tabel verstrek 'n opsomming van die planne wat gedurende die twaalf maande geëindig 31 Desember 1963 ondersoek is

Maand	Getal planne vir die eerste keer voorgelê	Getal \ planne weer voorgelê	/oorlopige planne	Planne deur argitekte voorgelë	Planne vir lokasies	Totaal
Januarie	102	22		3	31	158
Februarie	124	18	2	3	27	174
Maart	165	32	4		18	219
April	122	24	_	3	36	185
Mei	173	25		_	33	231
Junie	145	31	*******	6	16	198
Julie	159	30		www.	30	219
Augustus	148	26	1		10	185
September	122	12	_		14	148
Oktober	240	23	_	3	39	305
November	138	29	_	1	20	188
Desember	118	15	_	_	6	139
TOTAL	1,756	287	7	19	280	2,349

Vroeë-oggend- en Aandinspeksies.

Afgesien van die normale daaglikse inspeksies by die verskillende soorte persele, het die Distriksgesondheidsinspekteurs minstens een keer per maand vroeëoggend-inspeksies waargeneem en daarbenewens, wanneer nodig, saans of snags inspeksies uitgevoer, veral by plekke waar voedsel voorberei of bedien is.

Dit was deel van die normale pligte van inspekteurs, veral in die Voedselseksie, om gedurende middagetensure, vroeg saans of gedurende die nag inspeksies by hotelle, losieshuise, restaurante en ander plekke waar voedsel bedien word, uit te voer.

Die onderstaande tabel dui die soorte persele aan wat geïnspekteer is en die getal buitenstydse

inspeksies wat gedurende die jaar uitgevoer i	is:		
Soort inspeksie Slagterswinkels. Bantoe-eethuise. Restaurante. Voedselaflewerings. Melkdepots. Hotelle. Varsproduktehandelaars Bakkerye. Vishandelaars. Diverse. Stalle. Losieshuise Roomysdepots.	Totale getal inspeksies 601 25 273 287 99 81 89 19 1 46 34 11 9	Bevredigend bevind 452 10 186 231 90 66 68 15 — 30 33 7	Nie bevredigend nie 149 15 87 56 9 15 21 4 — 16 1 4 2
	1,575	1,195	380
Voedselseksie (verskillende persele):			
Naginspeksies	106 270 30	103 222 26	3 48 4
	1,981	1,546	435

Die volgende tabel verstrek 'n opsomming van die inspeksies uitgevoer en die stappe gedoen deur die Distriksgesondheidsinspekteurs gedurende die jaar geëindig 31 Desember 1963:

Oorlaste waarmee gehandel is. Kennisgewings nagekom. Aanseggings nagekom. Kennisgewings bestel. Aanseggings bestel. Oorlaste weer geïnspekteer. Klagtes waarmee gehandel is. Sianiedfumigerings Gebouvoltooiingstrokies Lisensieaansoeke. Stalle. Slagterswinkels Vishandelaars Bakkerye. Restaurante en teekamers Losieshuise.	21,131 1,582 15,862 2,042 18,890 8,149 3,019 166 734 4,426 251 5,476 1,295 607 7,175 898
Kruideniers- en lewensmiddelewinkelsVrugte- en groentewinkels	4,553 3,921
Fabrieke	1,358
Haarkappersalonne	1,101
Melkerydepots en melkwinkels	1,931
Diverse inspeksies	3,829
Aangeleenthede wat na ander afdelings verwys is	655
Huis-tot-huis-inspeksies	9,702
Naginspeksies	53
Vroeëoggendinspeksies	1,205
Totale inspeksies vir jaar	60,504

Plaagbeheer deur Distriksgesondheidsinspekteurs.

Hier volg 'n opsomming van die werk verrig deur Distriksgesondheidsinspekteurs in verband met knaagdier-, muskiet-, en vlieëbeheer gedurende die jaar geëindig 31 Desember 1963:—

KNAAGDIERE.

1.	Klagtes ondersoek	471
2.	Persele geïnspekteer en advies gegee	2,524
3.	Kennisgewings en aanseggings om valle of gif te gebruik	946
4.	Kennisgewings bestel wat knaagdierwering van persele vereis	53
5.	Kennisgewings bestel ooreenkomstig 3 en 4 hierbo, voldoen aan	157
6.	Bestaande geboue voorsien van knaagdierwering	119
7.	Nuwe geboue met knaagdierwering	41
8.	Vervolgings weens versuim om aan regulasies te voldoen	1
9.	Ophoping van vuilgoed of rommel waar daar moontlik knaagdiere	
	kan skuil, skoongemaak of verwyder	816
10.	Getal knaagdiere gedood of as gedood gerapporteer.	1,945
11.	Voedselblikke met rotwering vir diere verskaf	91
12.	Sake na plaagbeheer verwys	
13.	Sake betreffende knaagdierbeheer na ander afdelings verwys	-

MUSKIETE.

1.	Klagtes ondersoek	107
2.	Inspeksies uitgevoer.	1,175
3.	Kennisgewings en aanseggings uitgereik.	319
4	Kennisgewings ooreenkomstig 3 hierbo bestel en voldoen aan	
۲.	Varralgings variants in the root bestel en voldoen aan	66
٥.	Vervolgings weens versuim om aan regulasies te voldoen	2
0.	Droeipiekke uitgeskakel	198
1.	Advies gegee betreffende mijskietheheer	409
8.	Soorte muskiete gevind	Culex
		Quiex

VLIEE.

1.	Klagtes ondersoek	96
2.	Inspeksies uitgevoer	950
3	Inspeksies uitgevoer. Kennisgewings en appaggings witzen:	
٠.	Technicae willes ell dallseppillos illigaratik	355
т.	Remissewings ooreenkomstig 3 hierho bestel en voldoen aan	54
٥.	Vervoigings weens versuim om aan regulasies te voldoen	5
6.	Broeiplekke uitgeskakel.	195
7.	Advies gegee betreffende vlieëbeheer.	193
	Travico sesee bettenente vincebeneer	4(15

VOEDSELSEKSIE

Die Afdeling was daarvoor verantwoordelik om te sorg vir die higiëniese produksie, hantering en verspreiding van eetware oor die hele stad en in die Nieblankegebiede en herhaalde besoeke is afgelê by alle soorte persele waar die voedselbedryf beoefen word..

'n Interessante verskynsel is die aantal eetware, veral bereide vleissoorte, wat tans in verskeie soorte plastiekhouers verpak word. Dié soort verpakking verminder die mate van hantering van die produkte self en ook die moontlikheid van besoedeling. Uit baie noukeurige waarneming dwarsdeur die jaar het dit geblyk dat die eetware blykbaar in elke opsig bevredigend was.

Daar is gereeld monsters van munisipale watervoorrade by hulle bronne en by verskillende punte in die verspreidingstelsel geneem.

Ook is daar gereeld monsters van die water in die nege swembaddens en plasdammetjies geneem en dit is getoets om te verseker dat die suiweringsinstallasie doeltreffend funksioneer.

Die aangehegte tabelle toon die soorte eetware waarvan in die loop van die jaar monsters vir bakteriologiese of skeikundige ontleding geneem is. In gevalle waar die monster nie aan die standaard voldoen het nie, is die verkoper of gewaarsku of vervolg.

Groot hoeveelhede eetware, waaroor besonderhede hierna verstrek word, is aan die Afdeling oorhandig of daar is beslag op gelê omdat dit as ongeskik vir menslike verbruik verklaar is en dit is afgekeur en weggedoen. 'n Gesondheidsinspekteur het die vroeëoggendmark daagliks bygewoon en op groot hoeveelhede eetware beslag gelê wat as ongeskik vir menslike verbruik verklaar en afgekeur is.

Dwarsdeur die jaar is gereelde inspeksies by restaurante, hotelle, losieshuise en plekke waar voedsel verskaf word, gedurende etenstye terwyl voedsel berei en bedien is, uitgevoer. Spesiale aandag is gegee aan die hantering en bereiding van voedsel, die was van kombuisgereedskap, eetgerei en breekgoed en die persoonlike netheid van die betrokke personeel.

Waar nodig, is monsters water van private boorgate en putte waarvan daar slegs 'n paar is, geneem en in gevalle waar die monsters nie aan die standaard voldoen het nie, is die eienaars gelas om chloreringtoerusting reg te stel of, soos in die meeste gevalle gebeur het, die gebruik van boorgatwater vir huishoudelike doeleindes te staak en by die munisipale waternetwerk aan te sluit.

Oor die algemeen is die bereiding, hantering en bêre van eetware bevredigend maar ons moet steeds 'n waaksame oog hou om bevredigende toestande te handhaaf.

'n Totaal van 85 uur is bestee aan spesiale nag-, vroee-oggend- en middagetensuurinspeksies. Hier volg 'n uitvoerige tabel van hierdie werk:—

Oortredings waarmee gehandel is	55
Kennisgewings bestel	~~
Aanseggings gegee	55
Oortredings verwyder	55

INSPEKSIES UITGEVOER.

	1
Herinspeksies	Ţ
Restaurante en teekamers	227
	2.1
Gelisensieerde hotelle	
Private hotelle en losieshuise	35
Banketbakkers	39
Dutter	59
Bakkerye	37
Slagterye	2
Voedselfabrieke	6
	16
Voedselaflewerings	16
T . 1	406
Totaal	100

Die ondergemelde tabel gee 'n ontleding van die tye van die dag toe die spesiale inspeksies uitgevoer is:—

Naginspeksies	Getal 106 270 30	Bevredigend 103 222 26	Nie heeltemal bevredigend nie 3 48 4
---------------	---------------------------	---------------------------------	--

'n Totaal van 146 besendings eetware (behalwe dié waarop daar by die oggendmark beslag gelê is) is beslag op gelê of uitgelewer en die ondergemelde eetware is afgekeur as ongeskik vir menslike gebruik en vernietig:—

Konfyt	644 lb.
Vrugte Groente Melk Diverse eetware in blikkies of flesse	14,139 blikkies, flesse of bottels.
Pluimvee Vleis (vars of berei, maar nie ingemaak nie). Wors Kaas Graankos. Gedroogde vrugte. Dadels Vis (vars). Kunsbotter. Botter. Beskuitjies Suiker. Mieliemeel.	215 lb. 147 lb. 6 lb. 68 lb. 376 lb. 147 lb. 91 lb. 177 lb. 40 lb. 13 lb. 324 lb. 5 lb. 283 lb.
Meelblom. Groente (sakkies). Room.	22 lb. 60 lb. 13 gelling.

Van bogenoemde eetware is daar by die munisipale markkraampies beslag gelê op nege besendings bestaande uit 13 kaste, 2 kratte en 66 sakkies van verskillende groottes met groente en vrugte, aangesien dit ongeskik vir menslike gebruik bevind is. Dié eetware is afgekeur en vernietig en in elke geval is aan die kraameienaar 'n skriftelike waarskuwing uitgereik.

VOEDSEL- EN WATERMONSTERS.

Die ondergemelde voedsel- en watermonsters is geneem vir skeikundige en bakteriologiese ontleding:—

SKEIKUNDIGE ONTLEDING.

	Getal	Getal be-	Getal on-
Aard van artikel	monsters	vredigend	bevredigend
Roomys	176	169	7
Boerewors		64	17
Gemaalde vleis	56	55	1
Weense worsies	42	41	1
Polonie	73	71	2
Varkwors	4	4	
Kaas	21	21	

BAKTERIOLOGIESE ONTLEDING.

	Getai		Getai on-
Aard van artikel	monsters	vredigend	bevredigend
Roomys	176	161	15

Twee-en-veertig waarskuwings is uitgereik en een vervolging is ingestel in verband met die monsters wat nie aan die bepalings van die Wet op Voedingsmiddels, Medisyne en Ontsmettingsmiddels, en ander wetgewing betreffende eetware, voldoen het nie.

MUNISIPALE WATERLEWERING

	Bevredigend	Onbevredigend	Totaal
Rietvleiwaterwerke. (Na filtrering, maar voor chlorering)		5	5
Witkoppiesbrug.	-	6	6

Hierdie spruit vloei in die Rietvleidam en word sorgvuldig dopgehou om enige grootskaalse besoedeling van die dam te voorkom.

Fonteine.

(a) Boonste fontein (voor chlorering)	6	6	12
(b) Onderste fontein (voor chlorering)	9	3	12
2 (C 1			

(c) Gemengde water (na chlorering, sluit in water van Fonteine, Rietvlei en Grootfontein)..... 12 — 12

Krane in stad.				
In verskillende dele van die stad		10	_	10
Ander munisipale leweringsplekke.				
(a) Mamelodi-opbergtenks		32	3	35
(b) Munisipale swembaddens (c) Munisipale plasdammetjies	• • • • • • •	74 23	<u> </u>	74 24
(d) Rooiwal			4	39
(e) Munisipale klipgroef (Bon Acc Alle pypleidings is aangelê vir die k	•		18	34
klipgroef. Vergunning word van die Pro	vinsie afge	wag om die toevo	erpyp onder deur die	on Accord- e Nasionale
Pad te lê.				
Randse Waterraad.				
Uit hooftoevoerpyplyn		12	_	12
Op private persele.				
Boorgate		15	6	21
Putte			1	2
Stappe is gedoen om eienaars van waterpype aan te sluit, tensy die water to			om by die munisi	plae hoof
			1 1 - 1	
Rioolwateruitvloeisel na kragsentraleda		~ _ ~ ~ ~ ~ ~ ~ ~ ~ ~ ~ ~ ~ ~ ~ ~ ~ ~ ~		12
(a) Na filtrering en chlorering by ri(b) Na filtrering en chlorering by k			11 12	12 12
Hierdie water is rioolwateruitvloei				
gepomp word vir verkoelingsdoeleinde word nie vir kook- of huishoudelike doel			holfbaan vir bespro	beiing. Dit
SKEIKUNDIG		Bevrediger	nd Onbevredigend	Totaal
(a) Munisipale swembaddens		74	_	74 24
(b) Munisipale plasdammetjies				27
MUNISIPALE MARK.				
Vrugte en groente.	4,625	Diverse inspek		
Kaste	4,023	(lortradings t	vaarmaa vahandal is	3 160
Graansakke	368	Oortredings v	waarmee gehandel is verminder	3,169 3,166
Suikersakkies	368 3,093	Oortredings Kennisgewing	vermindergs bestel	3,166 133
	368 3,093 19,177 2,318	Oortredings Kennisgewing Aanseggings (Herinspeksies	vermindergs bestelgegeeegegee	3,166
Suikersakkies Sakkies Kratte Bondels	368 3,093 19,177 2,318 125	Oortredings Kennisgewing Aanseggings g Herinspeksies Klagtes waars	vermindergs bestelgegee.	3,166 133 3,036 517
Suikersakkies Sakkies Kratte	368 3,093 19,177 2,318 125 5 742	Oortredings of Kennisgewing Aanseggings of Herinspeksies Klagtes waard advies gege Lisensieaanso	verminder	3,166 133 3,036 517
Suikersakkies Sakkies Kratte Bondels Hope Platkissies Kartondose	368 3,093 19,177 2,318 125 5 742 556	Oortredings v Kennisgewing Aanseggings g Herinspeksies Klagtes waard advies gege Lisensieaanso del is	verminder	3,166 133 3,036 517 152
SuikersakkiesSakkiesKratteBondelsHopePlatkissies	368 3,093 19,177 2,318 125 5 742	Oortredings v Kennisgewing Aanseggings g Herinspeksies Klagtes waard advies gege Lisensieaanso del is Inspeksie van	verminder	3,166 133 3,036 517 152 194 349 130
Suikersakkies. Sakkies. Kratte. Bondels. Hope. Platkissies. Kartondose. Vrugtehouers. Kardoesies. Geslagte pluimvee.	368 3,093 19,177 2,318 125 5 742 556 64 18	Oortredings v Kennisgewing Aanseggings g Herinspeksies Klagtes waars advies gege Lisensieaanso del is Inspeksie van Inspeksie van	verminder	3,166 133 3,036 517 152 194 349 130 247
Suikersakkies. Sakkies. Kratte. Bondels. Hope. Platkissies. Vrugtehouers. Kardoesies. Geslagte pluimvee. Getal ondersoek.	368 3,093 19,177 2,318 125 5 742 556 64 18	Oortredings of Kennisgewing Aanseggings of Herinspeksies Waard advies gege Lisensieaanso del is Inspeksie van	verminder	3,166 133 3,036 517 152 194 349 130 247 76
Suikersakkies. Sakkies. Kratte. Bondels. Hope. Platkissies. Kartondose. Vrugtehouers. Kardoesies. Geslagte pluimvee. Getal ondersoek. Getal afgekeur. Persentasie afgekeur.	368 3,093 19,177 2,318 125 5 742 556 64 18	Oortredings of Kennisgewing Aanseggings of Herinspeksies Waard advies gege Lisensieaanson del is Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Kamers	verminder	3,166 133 3,036 517 152 194 349 130 247 76
Suikersakkies. Sakkies. Kratte. Bondels. Hope. Platkissies. Kartondose. Vrugtehouers. Kardoesies. Geslagte pluimvee. Getal ondersoek. Getal afgekeur. Persentasie afgekeur. Wildsbokke.	368 3,093 19,177 2,318 125 5 742 556 64 18	Oortredings of Kennisgewing Aanseggings of Herinspeksies Waard advies gege Lisensieaanson del is Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van kamers Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van	verminder	3,166 133 3,036 517 152 194 349 130 247 76
Suikersakkies. Sakkies. Kratte. Bondels. Hope. Platkissies. Kartondose. Vrugtehouers. Kardoesies. Geslagte pluimvee. Getal ondersoek. Getal afgekeur. Persentasie afgekeur. Wildsbokke. Getal ondersoek. Getal afgekeur. Getal afgekeur.	368 3,093 19,177 2,318 125 5 742 556 64 18 12,842 4 .031 717 18	Oortredings of Kennisgewing Aanseggings of Herinspeksies Waard advies gege Lisensieaanson del is Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van kamers Inspeksie van Inspeksie van kamers Inspeksie van winkels	verminder	3,166 133 3,036 517 152 194 349 130 247 76
Suikersakkies. Sakkies. Kratte. Bondels. Hope. Platkissies. Kartondose. Vrugtehouers. Kardoesies. Geslagte pluimvee. Getal ondersoek. Getal afgekeur. Persentasie afgekeur Wildsbokke. Getal ondersoek. Getal ofgekeur. Persentasie afgekeur.	368 3,093 19,177 2,318 125 5 742 556 64 18 12,842 4 .031 717 18 2.51	Oortredings of Kennisgewing Aanseggings of Herinspeksies Waarn advies geget Lisensieaanson del is Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Winkels Inspeksie van Winkels Inspeksie van Winkels	verminder	3,166 133 3,036 517 152 194 349 130 247 76 1,774 311
Suikersakkies. Sakkies. Kratte. Bondels. Hope. Platkissies. Kartondose. Vrugtehouers. Kardoesies. Geslagte pluimvee. Getal ondersoek. Getal afgekeur. Persentasie afgekeur. Wildsbokke. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal ondersoek.	368 3,093 19,177 2,318 125 5 742 556 64 18 12,842 4 .031 717 18 2.51	Cortredings of Kennisgewing Aanseggings of Herinspeksies Waard advies geget Lisensieaanson del is Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Winkels Inspeksie van Winkels Inspeksie van Kels Inspeksie van Kels	verminder	3,166 133 3,036 517 152 194 349 130 247 76 1,774 311
Suikersakkies. Sakkies. Kratte. Bondels. Hope. Platkissies. Kartondose. Vrugtehouers. Kardoesies. Geslagte pluimvee. Getal ondersoek. Getal afgekeur. Persentasie afgekeur. Wildsbokke. Getal ondersoek. Getal afgekeur. Persentasie afgekeur. Persentasie afgekeur. Getal ondersoek. Getal afgekeur. Persentasie afgekeur. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal ondersoek.	368 3,093 19,177 2,318 125 5 742 556 64 18 12,842 4 .031 717 18 2.51	Oortredings of Kennisgewing Aanseggings of Herinspeksies Waard advies geget Lisensieaanson del is Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Winkels Inspeksie van Inspeksie van Winkels Inspeksie van Inspeksie van Winkels Inspeksie van In	verminder	3,166 133 3,036 517 152 194 349 130 247 76 1,774 311 3,711 1,209 2
Suikersakkies. Sakkies. Kratte. Bondels. Hope. Platkissies. Kartondose. Vrugtehouers. Kardoesies. Geslagte pluimvee. Getal ondersoek. Getal afgekeur. Persentasie afgekeur. Wildsbokke. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal afgekeur. Persentasie afgekeur. Persentasie afgekeur. Getal afgekeur. Persentasie afgekeur. Wildvoels (geslag). Getal ondersoek. Getal afgekeur. Persentasie afgekeur. Geslagte duiwe.	368 3,093 19,177 2,318 125 5 742 556 64 18 12,842 4 .031 717 18 2.51 867 62 7.15	Cortredings of Kennisgewing Aanseggings of Herinspeksies Waarn advies geget Lisensieaanson del is Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Winkels Inspeksie van Winkels Inspeksie van Winkels Inspeksie van Winkels Inspeksie van Winkels Inspeksie van Winkels Inspeksie van Inspeksie van Winkels Inspeksie van Inspeksie	verminder	3,166 133 3,036 517 152 194 349 130 247 76 1,774 311 3,711 1,209 2
Suikersakkies. Sakkies. Kratte. Bondels. Hope. Platkissies. Kartondose. Vrugtehouers. Kardoesies. Geslagte pluimvee. Getal ondersoek. Getal afgekeur. Persentasie afgekeur. Wildsbokke. Getal ondersoek. Getal afgekeur. Persentasie afgekeur. Persentasie afgekeur. Persentasie afgekeur. Wildvoels (geslag). Getal ondersoek. Getal afgekeur. Persentasie afgekeur. Geslagte duiwe. Geslagte duiwe. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal ondersoek.	368 3,093 19,177 2,318 125 5 742 556 64 18 12,842 4 .031 717 18 2.51 867 62 7.15 6 Geen	Oortredings of Kennisgewing Aanseggings of Herinspeksies Waard advies geget Lisensieaanson del is Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Winkels Inspeksie van kels Inspeksie van kels Inspeksie van Inspeksi	verminder	3,166 133 3,036 517 152 194 349 130 247 76 1,774 311 3,711 1,209 2 727 276 556 106
Suikersakkies. Sakkies. Kratte. Bondels. Hope. Platkissies. Kartondose. Vrugtehouers. Kardoesies. Geslagte pluimvee. Getal ondersoek. Getal afgekeur. Persentasie afgekeur Wildsbokke. Getal ondersoek. Getal afgekeur. Persentasie afgekeur. Vildvoels (geslag). Getal ondersoek. Getal afgekeur. Persentasie afgekeur. Geslagte duiwe. Geslagte duiwe. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal afgekeur. Persentasie afgekeur. Persentasie afgekeur.	368 3,093 19,177 2,318 125 5 742 556 64 18 12,842 4 .031 717 18 2.51 867 62 7.15	Oortredings of Kennisgewing Aanseggings of Herinspeksies Waard advies geget Lisensieaanson del is Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Winkels Inspeksie van Winkels Inspeksie van Winkels Inspeksie van Inspeksie van Winkels Inspeksie van Insp	verminder	3,166 133 3,036 517 152 194 349 130 247 76 1,774 311 3,711 1,209 2 727 276 556 106 270
Suikersakkies. Sakkies. Kratte. Bondels. Hope. Platkissies. Kartondose Vrugtehouers. Kardoesies. Geslagte pluimvee. Getal ondersoek. Getal afgekeur. Persentasie afgekeur. Vildsbokke. Getal ondersoek. Getal afgekeur. Persentasie afgekeur. Vildvoels (geslag). Getal ondersoek. Getal afgekeur. Persentasie afgekeur. Geslagte duiwe. Geslagte duiwe. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal ondersoek.	368 3,093 19,177 2,318 125 5 742 556 64 18 12,842 4 .031 717 18 2.51 867 62 7.15 6 Geen	Oortredings of Kennisgewing Aanseggings of Herinspeksies waard advies geget Lisensieaanson del is Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Winkels Inspeksie van Winkels Inspeksie van Inspeksie van Winkels Inspeksie van In	verminder	3,166 133 3,036 517 152 194 349 130 247 76 1,774 311 3,711 1,209 2 727 276 556 106
Suikersakkies. Sakkies. Kratte. Bondels. Hope. Platkissies. Kartondose. Vrugtehouers. Kardoesies. Geslagte pluimvee. Getal ondersoek. Getal afgekeur. Persentasie afgekeur. Wildsbokke. Getal ondersoek. Getal afgekeur. Persentasie afgekeur. Vildvoels (geslag). Getal ondersoek. Getal afgekeur. Persentasie afgekeur. Geslagte duiwe. Geslagte duiwe. Geslagte duiwe. Geslagte duiwe. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal afgekeur. Persentasie afgekeur. Geslagte eende. Geslagte eende. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal ondersoek.	368 3,093 19,177 2,318 125 5 742 556 64 18 12,842 4 .031 717 18 2.51 867 62 7.15 6 Geen Geen	Oortredings of Kennisgewing Aanseggings of Herinspeksies waard advies geget Lisensieaanson del is Inspeksie van Inspeksies van Inspeksies van Inspeksies van Inspeksies van Inspeksies van Inspeksies van Inspeksies van Inspeksies van Inspeksies van Inspeksies van Inspeksies van Inspeksies van Inspeksies van Inspeksies van Inspeksie	verminder	3,166 133 3,036 517 152 194 349 130 247 76 1,774 311 3,711 1,209 2 727 276 556 106 270 30
Suikersakkies. Sakkies. Kratte. Bondels. Hope. Platkissies. Kartondose Vrugtehouers. Kardoesies. Geslagte pluimvee. Getal ondersoek. Getal afgekeur. Persentasie afgekeur. Vildsbokke. Getal ondersoek. Getal afgekeur. Persentasie afgekeur. Vildvoels (geslag). Getal ondersoek. Getal afgekeur. Persentasie afgekeur. Geslagte duiwe. Geslagte duiwe. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal ondersoek. Getal ondersoek.	368 3,093 19,177 2,318 125 5 742 556 64 18 12,842 4 .031 717 18 2.51 867 62 7.15 6 Geen Geen	Cortredings of Kennisgewing Aanseggings of Herinspeksies waarn advies geget Lisensieaanson del is Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Inspeksie van Winkels Inspeksie van Inspeksie van Winkels Inspeksie van Inspeksie van Winkels Inspeksie van Inspeksies van Ins	verminder	3,166 133 3,036 517 152 194 349 130 247 76 1,774 311 3,711 1,209 2 727 276 556 106 270 30 951

NIEBLANKEGEBIEDE.

PERSONEEL.

Die personeel van dié seksie bestaan uit

1 Toesighoudende Gesondheidsinspekteur.

2 Distriksgesondheidsinspekteurs.2 Nieblanke Gesondheidsinspekteurs.

(4 vakatures vir Nieblanke Gesondheidsinspekteurs).

Sover bekend is daar geen gekwalifiseerde Bantoegesondheidsinspekteurs wat vir aanstelling

geskik is, binne die Pretoriagebied woonagtig nie.

Ofskoon herhaalde vertoë tot die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling gerig is om toestemming om Bantoegesondheidsinspekteurs van ander gebiede aan te stel, is sodanige toestemming nog nie verkry nie. Die aanstelling van sodanige Gesondheidsinspekteurs het dringend noodsaaklik geword vanweë die ontwikkeling van die Bantoedorpe en die bykomende gesondheidswerk wat gedoen moet word.

Die Indiërdorp Laudium ontwikkel snel en die tyd nader vinnig dat dit wenslik sal wees om 'n

Indiërgesondheidsinspekteur aan te stel om onder sy eie mense te werk.

Die twee Bantoegesondheidsinspekteurs werk in die Mamelodi- en Atteridgeville/Saulsville-Bantoewoongebiede en word in die administrasiegeboue van die Hoofsuperintendente gehuisves. Die twee Blanke Distriksgesondheidsinspekteurs is belas met onderskeidelik die oostelike en westelike Bantoedorpe. Al hierdie amptenare staan onder regstreekse beheer van die Toesighoudende Gesondheidsinspekteur wat die gesag voer oor al die ou en die nuwe Bantoedorpe.

Bantoedorpe

1. Lady Selborne en Claremont (erwe 1-36).

Hierdie eertydse Bantoewoongebied is tot 'n Blankewoongebied verklaar. Die verskuiwing van die inwoners is tans aan die gang en daar word beraam dat alle geboue teen die einde van 1964 gesloop sal wees. 'n Groot aantal huise is reeds deur die Raad gekoop en gesloop ingevolge sy beleid om die ernstige slumtoestande uit te skakel.

Gereelde inspeksies van al die besigheidseiendomme is gedoen en kennisgewings is waar

nodig, bestel.

2. ATTERIDGEVILLE-SAULSVILLE.

Alle woonpersele in hierdie gebied is bebou met uitsondering van 238 boupersele geleë te Saulsville. Woonhuise sal binnekort op hierdie kaal erwe gebou word om gesinne wat vir huise in hierdie dorp in aanmerking kom, te huisves.

Die meeste van die inwoners van hierdie dorpe is trots op hulle omgewing en hulle het reeds talle aanbouings en verbouings aan hulle wonings laat aanbring. Dit skyn asof hulle lewenstandaard en sin vir netheid dié van die inwoners van die ander Bantoedorpe oortref. Die kinders gaan gereeld

skool toe en drentel selde op straat rond. Ook is hulle skoon en netjies aangetrek.

Die dorpe het riolering en al die groot strate is geteer en van toereikende vloedwaterriole voorsien. Die vullisverwyderingsdienste word deur die Raad uitgevoer. 'n Tweede biersaal is voltooi en 'n derde nader voltooiing. 'n Bykomende moderne atletiekveld met stadion is in aanbou en sal binnekort voltooi word.

Die sake- en private persele word skoongehou en ons ontvang uitstekende samewerking van

die lisensiehouers en die inwoners.

Die nuwe administrasiegebou van die Afdeling Nieblankesake is voltooi en die bestaande een in 'n skool omgeskakel.

'n Bioskoopsaal nader voltooiing en sal eersdaags in gebruik geneem word.

Getal huise: 1962 — 9,776. Getal huise: 1963 — 9,801. Behuisingstoename. 165

3. LAUDIUM.

Hierdie nuwe Indiërdorp ontwikkel snel en 'n bykomende honderd drieslaapkamerhuise sal

in die loop van die nuwe jaar vir gesinne van die Asiatebuurt en elders opgerig word.

Die Raad het reeds 300 huise opgerig wat almal bewoon word. Daarbenewens is 33 huise van 'n hoë gehalte privaat laat bou. Al die strate is geteer en die hele gebied is van riolering voorsien. 'n Moderne sakesentrum is gebou en noue samewerking word van die lisensiehouers verkry. Die sake- en private persele word baie skoon gehou en baie min klagtes is ontvang.

Die inwoners is trots op hulle woonbuurt en huis en baie tuine word uitgelê.

Daar is 'n skool gebou en 'n burgersentrum is in die loop van die jaar amptelik geopen.

Nuwe moderne en taamlike groot fabrieke is in aanbou en onderhandelings vir die bou van bykomende fabrieke is tussen private ondernemings en die Raad aan die gang. Een klerefabriek het produksiestadium in die loop van die jaar bereik.

Getal huise: 1962 — 278 Getal huise: 1963 — 333 Behuisingstoename... 55

4. Asiatebuurt en Kleurlinglokasie.

Ofskoon 'n aantal Indiër- en Kleurlinggesinne onderskeidelik in die Laudium-Indiërdorp en die Eersterust-Kleurlingdorp hervestig is, was die Asiatebuurt en Kleurlinglokasie steeds te dig bewoon en die huise en kamers baie defek, oorbewoon en sonder toereikende sanitêre en reinigingsfasiliteite. Die vroeë hervestiging van hierdie gemeenskappe is noodsaaklik aangesien hulle tans in baie onhigiëniese omstandighede woon. Daar word verwag dat al hierdie onbevredigende gebiede in die nabye toekoms uitgeskakel sal word.

5. Eersterust.

Hierdie Kleurlingdorp is naby Mamelodi-Bantoedorp geleë en bestaan uit 199 nuwe huise wat deur die Stadsraad gebou is en 'n aantal ou wonings wat bestaan het voor die proklamering van hierdie dorp.

'n Paar van die groot strate is reeds geteer en daar sal op 'n later stadium vir vloedwaterriole voorsiening gemaak word. Al die nuwe huise wat die Raad laat bou het, is van waterpypleiding,

elektrisiteit en riolering voorsien.

Ou en swak ontwerpte winkels wat gekoop is toe die gebied geproklameer is, word nog gebruik, die meeste deur Sjinese. Namate die ontwikkeling van die dorp vorder, sal hierdie ou winkels gesloop en deur moderne winkels vervang word.

In die loop van die jaar is 'n moderne gebou bestaande uit 'n motorhawe, restaurant en algemene winkel met Kleurling-kapitaal gebou. Vanuit 'n gesondheidstandpunt is hulle besighede baie

goed bestuur.

Deur die Stadsraad gebou:— Getal huise: 1962—196 Getal huise: 1963—199 Behuisingstoename.. 3

Benewens bogenoemde is daar 'n aantal ou, onbevredigende huise wat gesloop sal word namate

die ontwikkeling vorder.

Gedurende die jaar het die Raad toegestem om 100 subekonomiese huise te bou. Daarmee sal in die loop van die komende jaar 'n aanvang gemaak word.

6. Mamelodi.

Ontwikkeling en uitbreiding is volgens 'n gesonde grondslag in hierdie Bantoedorp voortgesit

en die Raad het bykomende grond vir verdere uitbreiding aangekoop.

Die Mamelodi-gebied is nie gerioleer nie en die verwyderingsdienste word per kontrak deur die Silvertonse Stadsraad uitgevoer. Die riolering van die gebied in die nabye toekoms sal die probleme wat die emmerverwyderingsdienste oplewer, uitskakel en behoorlike gesondheidsbeheer aansienlik vergemaklik.

Twee nuwe biersale, wat ook voorsiening maak vir die verkoop van drank vir Blankes is voltooi en een biersaal is in aanbou. 'n Bioskoopsaal is voltooi en sal gedurende die nuwe jaar in gebruik geneem word. 'n Hostel vir enkellopende Bantoemans is voltooi en is feitlik ten volle in beslag geneem. Twee crèches is in gebruik en nog een is in aanbou. Hulle staan onder behoorlike gesag

en word baie goed in stand gehou.

Gedurende Oktober 1963 is daar 'n vergadering van amptenare van die Afdelings Gesondheid en Nieblankesake, lede van die Mamelodiese Raadgewende Komitee en sommige handelaars, hoofsaaklik op versoek van die Komitee gehou. Lede van die Komitee, handelaars en inwoners was van mening dat die toepassing van die gesondheidswetgewing minstens in 'n mate 'n swaar las is, dat dit ongerief meebring en selde vir die Bantoe-inwoners duidelik is. Ofskoon daar geen gronde was om hulle mening te staaf nie, was dit duidelik dat dit nodig was om die werksaamhede van die Gesondheidsafdeling, sy simpatieke uitkyk en ander faktore wat op die werk betrekking het, te skets ten einde enige misverstand uit die weg te ruim. Die vergadering het ongeveer drie uur geduur, dit het baie bevredigend afgeloop en daar is gemeen dat daar in die toekoms van alle kante beter samewerking verkry sal word.

Getal huise: 1962—8,869 Getal huise: 1963—9,275 Behuisingstoename.. 406

Baie min ekwines, vee, skape ens. word in die Nieblankedorpe aangehou aangesien dit streng afgekeur word behalwe waar dit vir trekdoeleindes nodig is.

STATISTIESE OPGAWE VIR ALLE NIEBLANKEGEBIEDE.

A. Opsomming van inspeksies in die Nieblankegebiede gedurende die jaar:-

	1 otaai
Oorlaste waarmee gehandel is	8,602
Kennisgewings waaraan voldoen is	572
Aanseggings waaraan voldoen is	7,449
Kennisgewings bestel	1,103
Aanseggings gegee	7,499
Herinspeksies—kennisgewings	1,748
Herinspeksies—aanseggings	2,799
Klagtes ondersoek	41
Lisensie-aansoeke	625
Persele waar diere/pluimvee aangehou word	307
Slaghuise	2,563
Vis- en pluimveehandelaars	58
Algemene handelaars (eetware)	2,844
Algemene handelaars (nie eetware nie)	1,322
	2,921
Restaurante, teekamers en eethuise	551
Varsproduktehandelaars	551

Melkdepots en melkwinkels	410
Marskramerpakkamers	496
Varsprodukte- en roomyskarretjies	19
Afleweringsvoertuie (vleis, melk, vis, brood)	743
Bioskope en openbare sale	12
Huisinspeksies	1,383
Haarkappers	423
Washuise en wasserye	21
Fabrieke en werkwinkels	75
Seremoniële slagtings	41
Bewoonde buitegeboue	4
Besoeke buite ure	108
Ander besoeke	662
Aangeleenthede wat na ander Afdelings verwys is	341
Ander aangeleenthede (bouerslatrines)	162
m 1	22 (52
Totaal	20,679

Opmerking.—Hierdie syfers is nie by verslae in verband met Blankegebiede ingesluit nie.

B. PLAAGBEHEER.

Die onderstaande is 'n opsomming van inspeksies in verband met plaagbeheerwerk in die Nieblankegebiede.

Knaagdiere-

Klagtes ondersoek	30
Persele geïnspekteer en advies gegee	1,042
Kennisgewings en aanseggings om lokvalle of gif te gebruik	540
Kennisgewings bestel waarin vereis word dat persele knaagdier-	
veilig gemaak word	62
Kennisgewings bestel waaraan voldoen is	40
Bestaande geboue knaagdierveilig gemaak	59
Nuwe knaagdiervry geboue voltooi	10
Ophoping van rommel of hout wat knaagdiere kan huisves,	
skoongemaak of verwyder	311
Getal knaagdiere gedood of as dood gerapporteer	1,092
Knaagdierveilige voedselblikke vir diere verskaf	16

Muskiete.—

Klagtes ondersoek	2
Inspeksies uitgevoer	127
Aanseggings gegee	63
Broeiplekke uitgeroei	41
Advies aangaande muskietbeheer gegee	91
Soorte muskiete gevind	Culex

Vlieë.

Klagtes ondersoek	7
Inspeksies uitgevoer.	280
Kennisgewings en aanseggings gegee	190
Kennisgewings bestel waaraan voldoen is	3
Broeiplekke uitgeskakel	80
Advies aangaande vliegbeheer gegee	190

C. BOUPLANNE.

280 planne vir verbouings, aanbouings en nuwe geboue is gedurende die jaar ondersoek.

D. GELISENSIEËRDE PERSELE

	Mame- lodi	Asiate- buurt	Eerste- rust	Lady Sel- borne	Clare- mont	Atteridge ville	Laudi u m
Bakkers en banketbakkers		1					
Biljaartsalonne		2				_	_
Slagters		8	3	16	5	8	1
Steenkoolagentskappe	6	2	_	_		6	_
Skoenmakers	2	10		6	4	2	_
Fietshandelaars	3	17	2	4	ż	3	_
Varsproduktehandelaars	4	5	1	7	8	4	
Vishandelaars		2		_	_		_
Algemene handelaars (lewensmiddele uitgesluit)	12	53		1	1	_	_
Haarkappers		11		3	1	2	
Marskramers en venters	4	124	2	30	8	5	2
Droogskoonmakers en wasserye	_	6	_			1	_
Melkdepots	7	2		3	_	6	1
Koeldrankhandelaars	3	9	1		_	4	
Bantoe-eethuise		2	3	23	_	1	_
Lewensmiddele-handelaars	15	63	5	45	10	21	1
Teaters		3			_	_	
Kleremakers(sters)	3	5	_		_	3	_
Begrafnisondernemers	3		_	1	1	1	_
Werkwinkels—motoronderdele	3	6	1	1	1	1	
Restaurante en teekamers	15	37	4	2	10	11	1
Kruiedokters	3	1				_	
Handelaars in tweedehandse goedere	_	2	_	_	_		_

E. VERVOLGINGS.

Aard van Oortreding	Totale getal vervolgings	Getal skuldig	Getal on- skuldig bevind	Getal terug- getrek	Getal ge- waarsku en ontslaan	Boetes opgele
Brood nie gedurende aflewering beskerm nie	6	6				R20-00
Versuim om bouerslatrines te verskaf			_	_	_	R105-00
Versuim om aan kennisgewing te voldoen	31	26	_		5	R260-00

F. ALGEMENE INLIGTING. (NET NUWE BANTOEDORPE).

	Saulsville en Atteridgeville	Laudium	Mamelodi	Eersterust
Bevolking Kyk hoofstuk oor bevolkir	ngstatistiek.			
Woonhuise: (a) Bewoon		333	9,275	199
(b) Leeg	~ ~ ~		30 1 in aanbou	
SkoleBiersale	^	_1	19 4	2 1
	1 in aanbou			
Biersale	. 3	_	2 1 in aanbou	
Drankwinkels (drank) (onderafdelin			3	
van biersaal)		1	1	1
Garages	~	_	1 2	1
	4		1 in aanbou	·
Hostels Administratiewe blokke		1	2	
Ouetehuise Bioskoop			l 1 in aanbou	

G. AANGELEENTHEDE WAT NA ANDER AFDELINGS OF AFDELINGSHOOFDE VERWYS IS.

Afdeling Nieblankesake	213
Stadsingenieur	36
Lisensiehoof	39
Stadselektrisiteitsingenieur	53

PLAAGBEHEERSEKSIE

Muskietbeheermaatreels.

Die verwydering van plantegroei uit spruite, besproeiingsvore en damme, die dreinering van moerasgebiede en die oopskraap van spruite en besproeiingsvore waar nodig, is as roetinemaatreëls gedurende die jaar uitgevoer.

Bespuiting met antilarwespuitstof is van Januarie tot die einde van April en weer van die

middel van September tot die einde van Desember 1963 uitgevoer.

Gedurende dié tydperk is 270 gellings gekonsentreerde insektegif gebruik. Vanweë die kwaai droogte gedurende die eerste helfte van die jaar en die feit dat talle moerasgebiede droog was, was muskietuitbroeiing gering.

Negehonderd ses-en-dertig gate en holtes wat potensiële broeiplekke vir muskiete was, is

opgevul en gelykgemaak.

Die Afdeling het die heelhartige samewerking van die groenteboere in die munisipale gebied geniet en daar was geen traagheid by hulle om die vereiste nominale bedrag vir die gelewerde dienste te betaal nie. Aldus was dit moontlik om doeltreffende muskietbeheermaatreëls op die plase toe te pas.

Daar is veel minder klagtes betreffende muskietoorlas as in die vorige jaar ontvang. Eenhonderd-en-sewe klagtes is ondersoek en met uitsondering van twee gevalle het raad en mondelinge

waarskuwings die wegruiming van broeiplekke tot gevolg gehad.

Twee vervolgings is ingestel teen twee persone wat vorige waarskuwings verontagsaam het en voortgegaan het om muskietuitbroeiing op hulle eiendom toe te laat.

Knaagdierbeheermaatreels.

Knaagdierbeheermaatreëls is in alle munisipale geboue, rommelhope, pakkamers, parke, kwekerye, werkwinkels, dorpsgronde, die Sentrale en die Rooiwalrioolwaterwerke, die Rietvleiwaterwerke, die Fonteinedal en ander diverse terreine gehandhaaf.

Gedurende die jaar is 2,078 inspeksies op munisipale persele uitgevoer. Daar was 17,990

gifaasplasings waarvan 7,929 "geneem" is.

Volgens ons wete is 1,278 knaagdiere op Munisipale persele vernietig. Hierdie syfer sou veel

hoër gewees het indien dit moontlik was om al die karkasse te vind.

Vierhonderd een-en-sewentig klagtes in verband met knaagdierinfestasie is ondersoek en in 'n paar gevalle het die Afdeling daadwerklike hulp by die uitroeiing van knaagdiere verleen. In die meeste gevalle het die gegewe raad die gewenste uitwerking gehad. Negehonderd ses-en-veertig aanseggings of waarskuwings om knaagdierbeheer toe te pas is in die loop van die jaar gegee. Slegs in een geval was dit nodig om geregtelike stappe in te stel teen 'n persoon wat vorige waarskuwings verontagsaam het.

Drie-en-vyftig aanseggings is gegee om geboue knaagdierwerend te maak of bestaande knaagdierwering te herstel. Eenhonderd vier-en-tagtig sertifikate wat sertifiseer dat persele voor die sloping van die geboue knaagdiervry was, is uitgereik. In een geval moes die perseel behandel word

voordat die sertifikaat uitgereik kon word.

Een knaagdierkarkas wat op private eiendom gevind is, is by die S.A.I.M.N. vir ondersoek

ingehandig, maar die resultaat was negatief.

Eenduisend sewehonderd vier-en-sewentig ophopings van vuilgoed, puin en hout waar knaagdiere waarskynlik kon skuil, is bevredigend verwyder.

Vlieë-uitbroeiing.

Alle munispale parke, kwekerye, rioolwaterwerke, en vullishope is gereeld geïnspekteer en bevredigende beheermaatreëls gehandhaaf.

Ses-en-negentig klagtes in verband met vlieëoorlas is ondersoek, en 950 inspeksies is uitgevoer

om broeiplekke op te spoor waarvan 195 uit die weg geruim is.

Vyf persone is vervolg weens versuim om vlieëuitbroeiing op hulle eiendom te bekamp nadat hulle waarskuwings in dié verband ontvang het.

Kakkerlakke.

Sewentien munisipale eiendomme is bespuit met die oog op die uitbroeiing van kakkerlakke en vir maande lank is die infestasie uitgeskakel.

Waar klagtes van private persone ontvang is, is inspeksies uitgevoer en raad gegee.

Bilharzia.

Ondersoeke is uitgevoer by alle spruite en voëlreservate. Slakke is versamel en aan die Suid-Afrikaanse Instituut vir Mediese Navorsing vir ondersoek en identifisering gestuur. Geeneen van die slakke was met die bilharziaparasiet besmet nie.

Weeluise.

Roetine-inspeksies is uitgevoer by munisipale kampongs, tehuise en Nieblankecrèches en 17 persele is behandel.

Algemeen.

'n Aantal klagtes in verband met oorlas van vlooie, weeluise, skerpioene, silwermotte en miere op private persele is by die Afdeling ingedien. Al die klagtes is ondersoek en daar is raad gegee in verband met die uitroeimetodes vir die betrokke insekte.

OPSOMMING VAN INSPEKSIES GEDURENDE DIE JAAR

Knaagdieruitroeiing.

Oortredings waarmee gehandel is Oortredings verwyder Aanseggings gegee Persele weer geïnspekteer. Klagtes waarmee gehandel is en advies gegee. Nuwe knaagdiervrye vloere in meel-, voer-, en ander pakkamers	12 9 11 17 73
aangebring	_
Vloere herstel of mure of dakke knaagdierwerend gemaak in meel-, graan- of voerpakkamers. Ophopings van vuilgoed of rommel wat moontlik rotte kan huis-	
ves, skoongemaak en verwyder	1,174
Diverse inspeksies Knaagdiervry-sertifikate uitgereik	794 185
Totale inspeksies vir die jaar	2,255
Gifaas op dorpsgrond gestel. Getal aaslokvalle geneem. Inspeksies by munisipale persele. Getal knaagdiere op munisipale persele vernietig.	17,990 7,929 2,078 1,278

Muskietbeheer.

Oortredings waarmee gehandel is	3
Oortredings verwyder	3
Waarskuwings gegee	3
Aanseggings gegee	3
Persele weer geïnspekteer	
Klagtes waarmee gehandel is en advies gegee	
Nagaan van damme waar onkruid verwyder is	998
Nagaan van damme wat bespuit is	580
Nagaan van besproeiingsvore wat skoongemaak is	1,138
Nagaan van besproeiingsvore wat bespuit is	709
Nagaan van dreinering van moerasgebiede	327
Nagaan van bespuiting van moerasgebiede	290
Gate en holtes opgevul	936
Huise bespuit vir muskietoorlas	
Spesiale ondersoeke uitgevoer om muskiete te identifiseer	
Inspeksies uitgevoer i.v.m. aanmelding van malaria	_
Diverse inspeksies	523
Totale inspeksies vir die jaar	5,514

SLUMOPRUIMING

Dit is 'n genoeë om te berig dat die Afdeling daarin geslaag het om onwenslike huisvesting tot 'n minimum te beperk ten spyte van die voortgesette fenomenale ontwikkeling van die stad. Die aantal slumwonings en ander onwenslike soorte huisvesting is tot 'n minimum peil verlaag.

Die gebrek aan geskikte huisvesting vir die laer inkomstegroep en veral dié met groot gesinne wek steeds kommer aangesien die meeste van die slumwonings deur gesinne in dié kategorie geokkupeer word. Hoë boukoste en die tekort aan goedkoop erwe maak dit ekonomies moeilik om geskikte huise vir dié groep te bou.

Teen die einde van die jaar is 'n kitsopname van die behuisingsposisie ten opsigte van slumwonings in die Pretoriase munisipale gebied gemaak. Die opname het aan die lig gebring dat daar 95 erg-slumwonings was waarvan 25 leeg was. Al die wonings tesame met 18 bewoonde ongeskikte buitegeboue geniet die aandag van die Afdeling.

Die uitbreiding van die Stad se nywerheids- en sakegebiede het tot gevolg gehad dat etlike

slum- en erg-slumwonings gesloop is.

Gedurende die jaar is 73 eiendomme binne die munisipale gebied in verband met voorgestelde paaie en ander Raadskemas aan die Raad te koop aangebied. Dié eiendomme is geïnspekteer en verslae oor die strukturele toestand daarvan is aan die Raad voorgelê,

Alle erg-slumwonings wat aldus deur die Raad verkry is, word gesloop sodra die geboue ontruim is en ten einde dié proses te verhaas, word die okkupeerders so gou moontlik hervestig. Gedurende die onderhawige tydperk is 52 erg-slumwonings in die Blankegebiede gesloop.

Die okkupering van buitegeboue en ander ongewenste woonplekke in private agterplase het kommer gewek. Vanweë die instroming van Blanke immigrante van aangrensende gebiede en van oorsee word hierdie aspek steeds in die oog gehou. Gedurende die jaar het die Afdeling met 61 buitegeboue wat deur Blankes geokkupeer is, gehandel en as gevolg van toepaslike optrede is hierdie getal tot 18 verminder.

Talle kennisgewings is bestel aan eienaars en okkupeerders vir oortredings van die munisipale slumverordeninge en meeste van die oortreders het onmiddellik aan die vereistes voldoen. Slegs

in uitsonderlike gevalle is daar tot drastiese stappe oorgegaan.

In sommige gevalle is slumwonings aan armer gesinne kragtens 'n geen-deposito-huurkoop-reëling verkoop. Die kopers van sodanige eiendomme is gewoonlik nie in staat om herstel- of op-knapwerk te laat doen nie. Die meeste van die bestaande erg-slumwonings word deur die eienaars geokkupeer, wat nie kan bekostig om hulle eiendomme te verbeter of nuwe huise te bou nie. Indien daar ingevolge slumopruimingswetgewing daadwerklik teen hierdie eienaar-okkupeerders of huurkoopeienaars opgetree sou word, sou dit gewis vir hulle groot ontbering meebring.

VERSPREIDING VAN ERNSTIGE SLUMEIENDOMME EN GEOKKUPEERDE BUITE-GEBOUE IN BLANKEGEBIEDE

Die onderstaande tabelle dui aan die bekende erg-slumwonings en onbevredigende buitegeboue aan die einde van die onderhawige jaar (syfers vir die vorige jaar word tussen hakies aangetoon.)

Innesdalegebied	Bekende bestaande slum- wonings op 31.12.1963 16 (9)	Bekende ge- okkupeerde buitegeboue 31.12.1963 7 (3)	Toename of af gelyking med Slum- wonings + 7	name in ver- t vorige jaar Buite- geboue +4
spruit) Oostelike gebiede (oos van Apiesrivier) Sentrale gebiede Herculesgebied	5 (13) 5 (4) 25 (35) 19 (33)	2 (7) — (—) 2 (6) 7 (11)	- 8 + 1 - (10) - 14	5 4 4
TOTAAL	70 (94)	18 (27)	24	9

SLUMOPRUIMINGS IN NIEBLANKEGEBIEDE

Heelwat vooruitgang is gemaak met die uitskakeling van slumwonings en ander onbevredigende soorte huisvesting in alle Nieblankewoongebiede wat ingevolge die Wet op Groepsgebiede tot Blankegebiede geproklameer is. Hierdie gebiede sluit in Lady Selborne, Claremont, Highlands en Eastwood.

In Lady Selborne en Claremont, wat binne die Pretoriase munisipale gebied geleë is, is die sanitêre en higiëniese toestande uiters onbevredigend. Gedurenge die jaar is 241 huise in die twee dorpe gesloop nadat die okkupeerders in die nuwe dorpe hervestig is. Daar word gehou by die beleid om alle geboue wat deur die Stadsraad in hierdie gebiede gekoop is, te sloop en daar word vertrou dat hierdie onhigiëniese gebiede weldra opgeruim sal wees.

Die nuwe dorpe vir Nieblankes het tot moderne woongebiede ontwikkel en word goed beheer.

Elders in die verslag word vollediger daaromtrent berig.

HOFGEDINGE

Ons het voortgegaan met die algemene beleid van die Afdeling om liewer die samewerking van die publiek te verkry as om hofgedinge in te stel. Daar is geen slumhofgedinge kragtens die Slumswet ingestel nie. Dit was egter nodig om oortreders van die munisipale Slumregulasies, om die redes vermeld in onder taande tabel, te vervolg:

	Getai
Aard van oortredingg	aanklagte
Versuim om toereikende kookgeriewe te verskaf	1
Versuim om perseel in bevredigende strukturele toestand te hou.	7
Toelating dat buitegeboue geokkupeer word	3
Versuim om toereikende kookgeriewe te verskaf en perseel met	
weeluise besmet	1
Versuim om toereikende kookgeriewe te verskaf en perseel in be-	
vredigende strukturele toestand te hou	1
TOTAAL	13

SLOPINGS EN OMSKAKELING VAN WOONPERSELE

Die aantal aansoeke om toestemming om wonings te sloop of woonpersele vir besigheidsgebruik om te skakel (ingevolge die bepalings van die Wet op Behuising) het van 159 gedurende 1962 tot 211 gedurende 1963 vermeerder.

Van die aansoeke wat gedurende die onderhawige jaar ontvang is, is 167 wonings gesloop en 9

huise vir besigheidsgebruik omgeskakel.

Onderstaande syfers dui die getal aansoeke om die aangegewe redes aan	L:
Vir die bou van woonstelle, kantore, winkels of huise	111
Uitbreidings aan skole, kerke, ens	8
As gevolg van optrede deur hierdie Afdeling	83
Omskakeling in besigheidspersele	
	211

'n Aantal besigheidspersele is ook gesloop. Hoewel slopingspermitte vir hierdie persele nie nodig is nie, het ons daarop aangedring dat sertifikate verkry word dat die geboue knaagdier- en ongediertevry is voordat met die sloping begin is. Soortgelyke sertifikate is ten opsigte van alle ander slopings en omskakelings uitgereik.

Besonderhede van aansoeke om wonings te sloop en omskakelings word in die volgende tabel

verstrek:—

AANSOEKE NA DIE DEPARTEMENT VAN BEHUISING VERWYS

	Getal wonings (5 of minder woonkamers elk)	Getal woon- kamers betrokke	Permitte toegestaan	Permitte geweier	Permitte hangende
SlopingsOmskakelings	172 9	717 30	168 9	Geen Geen	4 Geen
Totaal	181	747	177	Geen	4

AANSOEKE VIR OORWEGING DEUR DIE STADSRAAD

	Getal wonings (meer as 5 woonkamers elk)	Getal woon- kamers betrokke	Magtiging verleen	Magtingig geweier	Magtiging hangende
SlopingsOmskakelings	30 Geen	250 Geen	30 Geen	Geen Geen	Geen Geen
Totaal	30	250	30	Geen	Geen

Die syfers wat in die tabelle hierbo verstrek is, sluit slegs aansoeke vir die sloping van huise in

die Blankegebiede in.

Alle eiendomme wat deur die Stadsraad verkry word in die bestaande Nieblankegebiede wat tot Blankegebiede geproklameer is, word gesloop ingevolge die bepalings van die Wet op Groepsgebiede no. 69 van 1955, soos gewysig, en kragtens magtiging wat etlike jare gelede deur die Minister van Binnelandse Sake verleen is.

STATISTIEK OOR SLUMVOORKOMING EN -OPRUIMINGSWERK

Besonderhede van inspeksies en ondersoeke in verband met slumopruimingswerk wat gedurende die verslagjaar deur die Slumseksie van die Afdeling onderneem is, is soos volg:—

Getal

	Getai persele
Soort inspeksie	A
Hotelle en losieshuise	23
Private wonings	2,779
Buitegeboue	356
Parsale voor en na slopings geïnspekteer	501
Persele voor en na omskakeling geïnspekteer	72
Wonings in gebiedsopnames	2,471
Klagtes ondersoek	298
Uningpolicies van persele	1,031
Diverse (insluitende crèches, kleuterskole en ouetehuise)	489
Nieblankebehuising	4
Niediankebendising	
	8,024

Besonderhede van optrede na bogemelde inspeksies en ondersoeke is soos volg:-

Kennisgewings bestel: Verbod op okkupasie Oorbewoning Strukturele herstelwerk en opknappings Bad-, was- en kookgeriewe	259 311 320 172
Totaal	1,062

Mondelinge waarskuwings en advies gegee	1,306
vereis)	259
Aangeleenthede na ander afdelings verwys Onderhoude met lede van die publiek	95 696
	2 256
Totaal	2,330
Totale getal oortredings waarmee gehandel is	2,368 1,972

KLEUTERSKOLE, CRECHES, OUETEHUISE EN SOORTGELYKE INRIGTINGS

Die aanvraag na inrigtings van hierdie aard duur voort en verskeie aansoeke om toestemming om sodanige inrigtings te stig, is gedurende die verslagjaar behandel. Die meeste aansoeke wat voorgelê is, was ten opsigte van die omskakeling of verbouing van private woonhuise vir gebruik as ouetehuise of crèches. Daar word egter groot sorg gedra om te verhoed dat private woonhuise wat nie aan die toepaslike standaarde voldoen nie, vir sodanige doeleindes gebruik word. As gevolg van die aandringing op hoë gesondheidstandaarde het sommige van die aanvraers opgehou om sodanige inrigtings te dryf.

Elke nuwe aansoek moet voldoen aan standaarde wat deur die Afdeling bepaal is.

Tot dusver was dit nog nie moontlik om toereikende verordeninge vir die beheer van hierdie inrigtings af te kondig nie omdat die Provinsiale Ordonnansie geen magtigende bepalings bevat nie. Die afwesigheid van toereikende verordeninge vir die beheer van inrigtings van hierdie aard

bemoeilik ons werk baie.

Daar moet aan plaaslike owerhede minstens die nodige bevoegdheid verleen word om die gesondheidsaspek van sodanige inrigtings te beheer.

VERSLAG DEUR DIE BESTUURDER, AFDELING NIEBLANKESAKE NIEBLANKE BEHUISING

OU SKEMAS.

1. Atteridgeville.

Groot 475 morge en dit word beskou as een van die beste Bantoelokasies in die Republiek. Atteridgeville is in 1939 gestig; R819,724 is bestee aan die oprigting van 1,532 wonings en R494,178 aan die ontwikkeling van die gebiede en die lewering van noodsaaklike dienste.

Daar is twee-, drie-, vier- en vyfkamerhuise wat ingevolge die nuwe beleid, volgens 'n ekono-

miese grondslag aan die okkupeerders verkoop of verhuur is.

Benewens dienste soos spoelriolering en vullisverwydering is daar 'n uitstekende kliniek wat

deur gekwalifiseerde geneeshere en opgeleide verpleegsters bestuur word.

Die inwoners geniet uitmuntende sportfasiliteite en daar word vir die meeste sportsoorte voorsiening gemaak.

2. Lady Selborne.

Dit is 'n Bantoedorp met erfpagreg wat die Raad saam met die voormalige Munisipaliteit Hercules ingelyf het. Die gebied is oorspronklik in 1903 of 1905 aangelê en het uit 1,738 erwe bestaan. As gevolg van die ontwikkeling en uitbreiding van Pretoria is hierdie erwe in so 'n mate onderverdeel dat daar tans 1,495 grondbesitters en 'n bevolking van ongeveer 35,000 is.

Lady Selborne is deur die Groepsgebiederaad tot 'n Blankegebied verklaar. Daar word verwag dat die inwoners binne die volgende twee of drie jaar na die Bantoedorpe Atteridgeville en Mame-

lodi oorgeplaas sal word. Tot op datum is 674 eiendomme deur die Raad aangekoop.

Dié gebied is nie gerioleer nie en is ernstig oorbevolk. Daar is 'n aantal stewige wonings tussen die groot aantal heeltemal onbevredigende hout- en sinkgeboue versprei. Daar is 'n ontspanningsaal, kliniek en crèche in die gebied, benewens 'n moderne kraaminrigting wat deur die Rooms-Katolieke Kerk bestuur word.

NUWE SKEMAS.

3. Mamelodi.

Tot dusver is daar 9,252 vierkamerhuise in die gebiede Mamelodi (Vlakfontein)-Wes en Mamelodi-Oos voltooi. Daarbenewens is die volgende gebou: 18 skole, 83 winkels, gemeenskapsentrum, biersaal, poskantoor, administrasiegebou, crèche, kliniek, geneesheer se spreekkamer, skrynwerkerswinkel, 'n kraaminrigting en 'n polisiekantoor.

'n Sportterrein is aangelê en 'n pawiljoen gebou. Twintig morge grond is vir 'n provinsiale

algemene hospitaal uitgehou.

Die gebied ontwikkel geleidelik en voorkeur word gegee aan elektrisiteitsverskaffing, padbou en vloedwaterriolering.

Bevolking: 61,445.

4. Atteridgeville/Saulsville.

Tot dusver is 8,244 vierkamerhuise in die Atteridgeville/Saulsvillegebied voltooi.

Benewens 'n biblioteek, polisiekantoor, poskantoor, administrasiegebou, 3 crèches, 'n ontspanningsaal, 'n kliniek, 'n begrafnisonderneming en 'n moderne droogskoonmakery, is daar 20 skole en 80 winkels.

Die gebied ontwikkel volgens plan, met die klem op 'n rioleringstelsel, elektrisiteit- en waterverskaffingsdienste, padbou en vloedwaterriolering.

5. Enkelkwartiere (Tehuis).

(a) Saulsville.

Daar is 399 tehuiseenhede vir die huisvesting van 6,384 persone gebou en elektrisiteit word verskaf. Die gebied is gerioleer. Elke eenheid het gemeenskaplike warmwaterstortkrane en kombuise toegerus met elektriese warmplate as kookgeriewe. Die maandelikse huurgeld is R2.00. Ongeveer 5,000 enkellopende Bantoes word tans daar gehuisves.

(b) Mamelod

Twee tehuiseenhede vir die huisvesting van 896 persone is voltooi. Nog vier eenhede word later gebou.

6. Algemeen.

Die elektriese treindiens na die Atteridgeville/Saulsville- en Mamelodi-gebiede werk doeltreffend.

7. Laudium.

Laudium is die nuwe Asiatedorp. Driehonderd huise is reeds gebou en alle noodsaaklike dienste word verskaf.

Daarbenewens is administrasiekantore, 'n kliniek en vier winkels gebou.

Nog 236 huise gaan opgerig word.

8. Kleurlinggebied.

Ingevolge die Wet op Groepsgebiede is 'n gedeelte van die plaas Derdepoort 469 en 'n gedeelte van die bestaande dorpe Eersterust en Despatch, wat ongeveer 800 morge beslaan, tot 'n gebied vir bewoning deur lede van die Kleurlinggemeenskap verklaar.

Tweehonderd huise is gebou en alle noodsaaklike dienste word verskaf.

'n Aantal gesinne word tydelik gehuisves in wonings wat deur die Raad oorgeneem is, 'n

gemeenskapsaal is verskaf en 'n begraafplaas word tans aangelê.

Administrasiekantore, 'n kliniek, 'n winkelblok en nog 200 huise word in die nabye toekoms gebou.

Hoofstuk X

BEHUISING EN REHABILITASIE VAN BLANKES

1. ALGEMENE BEHUISINGTOESTAND.

Aan die einde van 1963 het die Stadsraad van Pretoria die volgende behuisingskemas besit:

A. Danville.	Gotal	Magn deliler houseld/
Skema	Getal huise	Maandelikse huurgeld/ paaiement
 (a) Sub-ekonomies. (b) Ultra-laekoste ekonomies. (c) Omgeskakelde ekonomies. (d) Laekoste ekonomies. (e) Ekonomies. (f) Ekonomies (dubbelverdiepings). * Hierdie skema is gedurende 1963 voltooi. 	200 200 300 100 100 50	R 8-75 12-00 *29-85 31-27 20-00 — 22-00 19-00 — 35-00 21-64 — 40-94 37-15 — 39-90
B. Proclamation Hill.		
(a) Sub-ekonomies(b) Omgeskakelde ekonomies	96 103	4–50 — 5–95 20–00 — 22–00
C. Hercules (a) Sub-ekonomies. (b) Ekonomies. (c) Wonings vir bejaardes (sub-ekonomies). (d) Nasionale Behuisingskema.	57 57 12 4	2-40 5-67 25-00 32-00 3-00 ±30-00
D. Buiteliggende Woongebiede.		
(i) Nieu-Muckleneuk: (a) Sub-ekonomies(b) Omgeskakelde ekonomies(ii) Villieria:	23 23	3–50 — 5–95 20–00 — 22–00
(a) Sub-ekonomies(b) Omgeskakelde ekonomies(iii) Rietfontein:	4 6	5-45 — 5-59 20-00 — 22-00
(a) Sub-ekonomies(b) Omgeskakelde ekonomies(iv) Wonderboomsuid:	11 9	4–85 — 5–95 20–00 — 22–00
(a) Sub-ekonomies(b) Omgeskakelde ekonomies(v) Mayville:	11 16	4–85 — 5–95 20–00 — 22–00
(a) Sub-ekonomies(b) Omgeskakelde ekonomies(vi) Pretoria-Wes:	3 5	4–85 — 5–95 20–00 — 22–00
(a) Sub-ekonomies	11 3 pronklik	3–50 — 5–95 20–00 — 22–00 sub-ekonomiese skemas
(vii) Hercules- en Mootgebied: Ekonomies (voorheen Herculesskemas)	97 50	13-00 — 22-00 ±47-00
(b) Pretoria-Wesgebied: (Die woonstelle is bekend as Groenveldwoonstelle. Hulle is baie gerieflik geleë en het 'n uitsig oor die Pretoriase Gholfbaan	18	16–00 — 17–00
vandaar die naam Groenveld. Die gebou bestaan uit 24 driekamer- en 6 tweekamerwoonstelle)	30	28–00 37–00
E. Tentoonstellingsterrein.	J.	20 00 == 31-00
(a) Ekonomies(b) Wonings vir bejaardes (sub-ekonomies)	99 30	9–25 — 1 2 –50 5–50
F Sentraal Goodshaan an and		

F. Sentraal, Goedehoop en ander.

As gevolg van die beplanning van nuwe vryweë en ander padbouwerke, was die Raad verplig om verskeie eiendomme vir hierdie doel aan te koop.
'n Groot aantal eiendomme is reeds aangekoop. In sommige gevalle waar die wonings nie ekonomies herstel kan word nie, word hulle gesloop.

Benewens die padbouprogram ten opsigte van Goedehoop word algehele herbeplanning van die gebied ook in die vooruitsig gestel.

Die Raad verhuur tans die volgende eiendomme in bogenoemde gebiede wat uiteindelik gesloop sal word:

(a) Sentraal en ander voorstede.172R 28-00R 44-00(b) Goedehoop.56R 12-00R 40-00(c) Woonstelle—sentrale gebied (Vier blokke woonstelle bestaande uit 41 eenhede).41R 12-00R 36-00

G. Claremont en Riverside.

Na aanleiding van die herbeplanning ingevolge die bepalings van die Wet op Groepsgebiede, het die Raad 'n groot aantal eiendomme aangekoop en op die oomblik word die volgende getal eenhede verhuur:

 (a) Claremont.
 143
 R 2-00
 R 36-00

 (b) Riverside.
 8
 R 10-00
 R 13-00

2. AANSOEKE OM BEHUISING ONTVANG.

In die loop van die jaar is 1,293 aansoeke om behuising ontvang. 'n Groot aantal aanvraers is gehuisves terwyl ander wat nie onmiddellik gehuisves kon word nie, na ander adresse verhuis het.

gehuisves terwyl ander wat nie onmiddellik gehuisves kon word nie, na ander adresse verhuis het. Waglyste vir goedgekeurde huurders of kopers kragtens die verskillende skemas word gehou, en sodra 'n huis beskikbaar word, word dit aan die persone wie se name op die besondere waglys verskyn, aangebied.

3. WYSINGING VAN INKOMSTEGRENS.

In die loop van die jaar het die Departement van Behuising besluit om die inkomstegrens van kopers ten opsigte van ekonomiese skema-huise van R140-00 tot R180-00 per maand te verhoog. Die maksimum inkomstegrens vir huurders van sub-ekonomiese huise is van R60-00 tot R80-00 per maand verhoog.

As gevolg van hierdie toegewing ontvang ons nou meer aansoeke om behuising. Die aanvraag oorskry die potensiële aanbod aangesien sub-ekonomiese huise nie dikwels beskikbaar word nie.

4. BEOOGDE BEHUISINGSKEMAS.

Die Stadsraad het hom nog altyd die verskaffing van behuising vir die inwoners van Pretoria ten doel gestel en aangesien die vraag na behuising steeds toeneem, is daar op 19 Desember 1963 besluit dat ten einde die nodige behuising aan die verskillende inkomstegroepe te verskaf, die volgende behuisingskemas onderneem word:

A. Akkommodasie vir persone in die inkomstegroep R80-00 en minder per maand (Subekonomies). Totaal ongeveer 500 behuisingseenhede.

(a) Die beplanning en ontwikkeling van die gebied te Danville, geleë suid van Vandenberg, wes van Albertyn- en oos van Strachanstraat, agter die Elandspoortse Hoërskool, en die oprigting daarop van ongeveer 200 huise (twee- en driekamerskakeleenhede en vierkamerhuise op persele groot ongeveer 10,000 vk. vt. ten opsigte van die skakelhuise en groot 6,000 vk. vt. vir die enkeleenhede).

(b) Die oprigting van 300 sub-ekonomiese huise in die Herculesgebied, maar dat dit oorstaan hangende die voorlegging van 'n verslag deur die Stadsingenieur ten opsigte van geskik-

te persele.

B. Huisies vir bejaardes.

(a) Benewens die 51 huisies vir bejaardes wat vroeg in 1964 te Danville opgerig gaan word, word nog 50 huisies in die Mootgebied opgerig en die Stadsingenieur is versoek om 'n gedetailleerde verslag insake die beskikbaarheid van grond vir hierdie doel voor te lê.

(b) By voltooiing van die 51 huisies waarna in (a) hierbo verwys word, sal die okkupeerders wat tans in die Tentoonstellingsterreinwoonstelle gehuisves word, daarheen oorgeplaas word en genoemde woonstelle sal gesloop word sodra hulle ontruim word.

(c) Aangesien die huurgeld vir die Tentoonstellingsterreinhuisies slegs R5–50 per maand is en dié vir die Danville-huisies tussen R8–00 en R9–00 per maand sal wees, word daar oorweging geskenk aan middele om die huurgelde te verminder.

